

NAMA-GRAMMATIKA

J. OLPP

N A M A - G R A M M A T I K A

J. Olpp

soos verwerk deur H.J. Krüger

UITGEGEE DEUR DIE INBOORLING-
TAALBURO VAN DIE DEPARTEMENT
VAN BANTOE-ONDERWYS, WINDHOEK,
S.W.A.

1977

ISBN 0 621 03617 X

INHOUDSOPGAWE

	Bladisy
Voorwoord	4
I. Die Klanke van Nama	5
II. Vormleer	14
Par. 1. Geslag van die voornaamwoord	14
Par. 2. Getal van die voornaamwoord	14
Par. 3. Die manlike voornaamwoord	15
Par. 4. Die vroulike voornaamwoord	15
Par. 5. Die gemeenslagtige voornaamwoord	16
Par. 6. Enkele opmerkings i.v.m. die tyds- vorme	17
Par. 7. Die onderwerp-ge	18
Par. 8. Die tydspartikels met die onderwerp- ge	18
Par. 9. Die voorwerpsvorm van die voornaam- woord	21
Par. 10. Verkorte voornaamwoorde en die voor- naamwoordelike agtervoegsels	24
Par. 11. Die selfstandige naamwoord	32
Par. 12. Die gebruik van die voornaamwoord tesame met 'n selfstandige naamwoord	38
Par. 13. Die welluidendheidsvorm	41
Par. 14. Die eksklusiewe vorm van die voor- naamwoord	44
Par. 15. Die vokatief (aanspreekvorm)	46
Par. 16. Die samevatting van verskeie naam- woorde m.b.v. die voegwoord "tsi"	49
Par. 17. Besitaanduiding	51
Par. 18. Die applikatief	59
Par. 19. Die agentatief	60
Par. 20. Die agtersetsels	64
Par. 21. Die byvoeglike naamwoord	67

	Bladisy
Par. 22. Die vorming van byvoeglike naamwoorde	70
Par. 23. Trappe van vergelyking by byvoeglike naamwoorde	72
Par. 24. Die bywoord	74
Par. 25. Die verkleinwoord	76
Par. 26. Demonstratiewe	77
Par. 27. Die vraagwoord	80
Par. 28. Die koppelwerkwoord "kai"	86
Par. 29. Die koppelwerkwoorde "i" en "a"	88
Par. 30. Werkwoorde wat saam met die koppelwerk- woorde "i" en "a" optree	93
Par. 31. Die koppelwerkwoord "hâ"	95
Par. 32. Sinne wat met die werkwoord ingelei word	101
Par. 33. Die bevelvorm	103
Par. 34. Die hortatief	104
Par. 35. Die ontkenning	105
Par. 36. Deverbatiwe	111
Par. 37. Die konjunktief	112
Par. 38. Deelwoorde	113
Par. 39. Die passief	116
Par. 40. Die kousatief	117
Par. 41. Die refleksief	118
Par. 42. Die resiprokaal	119
Par. 43. Werkwoordagtervoegsels	119
Par. 44. Werkwoordsamestellings	123
Par. 45. Telwoorde	127
Par. 46. Oorspronklike bywoorde	134
Par. 47. Voegwoorde	135
Par. 48. Skeibare voegwoorde	140
Par. 49. Die relatiefsin	145
Par. 50. Die direkte en indirekte rede	154

VOORWOORD

Hierdie handboek vir die praktiese aanleer van Nama berus op die Afrikaanse vertaling van eerw. Johannes Olpp se handgeskrewe grammatika, soos vertaal deur J.C. van Loggenberg.

Die boek soos verwerk en verbeter deur mev. H.J. Krüger is bedoel om in 'n leemte te voorsien waar daar tans geen Afrikaanse of Engelse Nama grammatikas beskikbaar is nie en aangesien 'n gemoderniseerde handboek nie binnekort verwag kan word nie. Die onderhawige boek verskyn in die gestandaardiseerde ortografie soos dit in 1970 vasgelê is en in skole gebruik word.

Die Departement van Bantoe-onderwys is dank verskuldig aan sowel die Evangeliese Lutherse Kerk (destyds Rynse Sending) asook aan mev. H.J. Krüger wat kopieregte aan ons verleen het.

WINDHOEK

AUGUSTUS 1977

I. DIE KLANKE VAN NAMA

A. Die Vokale (klinkers)

In Nama word drie soorte vokale onderskei, nl.

1. kort vokale
2. lang vokale
3. genasaleerde vokale

1. Kort vokale:

- a [a] soos Afr. a in "lam", bv. am (braai)
e [e] soos Afr. e in "het", bv. pereb (brood)
e [ɛ] soos Afr. e in "bome", bv. sisen (werk)
i [i] soos Afr. ie in "Piet", bv. pirib (bokram)
o [o] soos Duits o in "Ton", maar korter en in party gevalle meer oop, bv. torob (oorlog)
u [u] soos Afr. oe in "oes", bv. !khuwi' (leen)

2. Lang vokale:

- ā [a:] soos Afr. a in "pa", bv. ās (gat)
ē [e:] soos Duits e in "leben", bv. bē (weggaan)
ī [i:] soos Afr. ie in "dier", maar effe langer, bv. dī (doen)
ō [o:] soos Duits o in "loben", bv. hō (vind)
ū [u:] soos Afr. oe in "voer", of Duits u in "Hut", bv. sūs (pot)

3. Genasaleerde vokale:

Die vokale wat tot dusver bespreek is, is suiwer orale (mond-) vokale, in die vorming waarvan die lugstroom geheel en al deur die mond gaan. Nama het egter ook die volgende genasaleerde vokale in welke geval die

lugstroom ook gedeeltelik deur die neus gaan
â [ã:] soos Afr. a in "gans", bv. mâ (staan)
î [ĩ:] bv. dî (vra)
û [ũ:] bv. hû (sewe)

Opmerking:

Die vokaallengte word met 'n strepie (˘) bokant die betrokke vokaal aangedui en genasaleerde vokale met 'n sirkumfleks (^). Alhoewel die lengtetekens nie bokant genasaleerde vokale verskyn nie, word dié vokale almal met lengte uitgespreek.

4. Diftonge:

'n Diftong (tweeklank) is 'n glyklank in die uitspraak waarvan die tong aanvanklik die stand van een vokaal inneem, maar dan onmiddellik en langs die mees direkte weg oorgaan (oorgly) na die stand van 'n ander vokaal.

(a) Ongenasaleerde diftonge:

ae [ae] meer oop as Engels uy in "guy", bv.
!ae (spring)
ai [ai] soos Afr. ai in "aia", bv. kai (groot)
ao [ao] minder geslote as Duits au in "aus",
bv. aob (man)
au [au] ongeveer soos Duits au in "aus", bv.
tau (jaloers wees)
oa [oa] soos Afr. oa in "Noag", bv. toa (klaar
wees)
oe [oe] ongeveer soos Afr. ooi in "rooi", bv.
doe (trek)
ui [ui] soos Afr. oei in "roei", bv. hui (help)

(b) Genasaleerde diftonge:

Die genasaleerde diftonge word op dieselfde wyse as dié orale diftonge uitgespreek, behalwe dat die lugstroom ook gedeeltelik deur die neus gaan.

âi [ãi] bv. sâi (kook)
âu [ãu] bv. sâu (bêre)
ôa [õa] bv. tôa (ontbreek)
ûi [ũi] bv. sûi (wemel)
îa [ĩa] bv. hîa (terwyl)

Let wel: Genasaleerde diftonge word met 'n sirkumfleks (^) bokant die eerste van die twee vokale aangedui.

B. Die Konsonante (medeklinkers)

Twee soorte konsonante word in Nama onderskei, nl.

1. egressiewe konsonante
2. suigklankkonsonante

1. Egressiewe konsonante:

Drie van die egressiewe konsonantklanke van Nama het geen ekwivalent in Afrikaans, Duits of Engels nie. Hierdie drie klanke word elkeen met twee verskillende lettersimbole voorgestel, nl.

- (i) b of p vir 'n klank tussen die Afrikaanse b en p.
b word geskryf as beginkonsonant van lettergrepe met laer tone, bv. buru (verbaas wees) en ook as eindkonsonant van woorde, bv. aob (man).

p word geskryf as beginkonsonant van lettergrepe met hoër tone, bv. puru (omstamp).

(ii) d of t vir 'n klank tussen die Afrikaanse d en t. d word geskryf as beginkonsonant van lettergrepe met laer tone, bv. dā (oorwin).

t word geskryf as beginkonsonant van lettergrepe met hoër tone, bv. tā (moenie).

(iii) g of k vir 'n klank tussen die Afrikaanse g (soos in berge) en k.

g word geskryf as beginkonsonant van lettergrepe met laer tone, bv. gā (bedrieg).

k word geskryf as beginkonsonant van lettergrepe met hoër tone, bv. kā (verlore raak).

Die ander egressiewe konsonante van Nama is die volgende:

h [h] soos Eng. h in "hat" bv. hā (kom)

m [m] soos Afr. m in "man", bv. mâ (staan)

n [n] soos Afr. n in "nul", bv. nari (vandag)

r [r] soos Afr. r in "rok", bv. hara (sluk)

s [s] soos Afr. s in "son", bv. sores (son)

w [v~β~b] soos Afr. w in "wyn", bv. dawa (omkeer)

Hierdie konsonant word deur sommige Nama-sprekendes egter soos die Sotho b [β] in "batho" uitgespreek en deur sommiges selfs ook soos die Afrikaanse b in "boom".

x [x] soos Afr. g in "goed", bv. xammi (leeu)

Saamgestelde egressiewe konsonante:

ts [tsh] soos Duits z in "zahlen", bv. tsā (proe)

kh [kh~k h] soos Duits k in "kommen", maar met sterker aspirasie, bv. khāb (oorlog). Soms word hierdie klank ook gehoor as "kxh", d.w.s. asof daar 'n g (soos in "goed") tussen die k en die h is, maar die g word nie hard uitgespreek nie.

2. Suigklankkonsonante:

I [ʔ] 'n stemlose dentale suigklank. Dit word gevorm deur die tongpunt teen die bo-voortande en tandwortels te druk en die agtertong teen die sagte verhemelte (velum) op te lig. Die tongpunt word dan na agtertoe weggetrek sodat daar 'n dentale instroming van lug volg, wat met 'n betreklike sterk mate van friksie gepaard gaan. Dit kan vergelyk word met die klank waarmee mense spyt of teleurstelling uitdruk.

II [ʃʔ] 'n stemlose laterale suigklank. Dit word gevorm deur die tongblad en punt styf teen die alveolêre gedeelte (tandrif) en die gedeelte net daaragter (feitlik teen die kiestande) te druk. Die agtertong word teen die velum opgelig. Die instroming van lug vind dan plaas deur die vinnige los (afwaartse beweging) van die tong aan een of beide kante terwyl die tongpunt egter nog in sy posisie bly. Die instroming van lug vind dus lateraal plaas en gaan ook met 'n mate van friksie gepaard. Dit kan vergelyk word met die klank waarmee 'n ruitersy perd aanspoor.

! [ʔ] 'n stemlose palatale suigklank. Dit word gevorm deur die boonste gedeelte van die tongpunt styf teen die harde verhemelte (palatale gedeelte) te druk, terwyl die agtertong teen die velum opgelig word.

Die hele tongspier moet styf span en die instroming van lug vind dan plaas deur die voortong vinnig na ondertoe af te trek, met die gevolg dat die instroming van lug oombliklik geskied (en dit is dus meer plosief van aard as in die geval van die dentale en laterale suigklanke). Dit kan vergelyk word met die geluid wat ontstaan as 'n styf toegekurkte bottel se kurk uitgetrek word.

* [ʔ] 'n stemlose alveolêre suigklank. Dit word gevorm deur die tongpunt en die voorste gedeelte van die tongblad teen die alveolêre gedeelte (tandrif) te druk, terwyl die agtertong teen die velum opgelig word. Die tongspier moet ook redelik styf span en die instroming van lug geskied dan deur die vasgedrukte gedeelte van die tong met 'n vinnige afwaartse beweging weg te trek. Hierdie suigklank is ook meer plosief van aard as die dentale en laterale suigklanke en kan vergelyk word met die klank wat voortgebring word wanneer mens die vingers klap.

Let wel: Hierdie suigklanke word altyd gevolg deur 'n stembandklapper. D.w.s. die suigklank moet nie so uitgespreek word dat dit met die daaropvolgende vokaal tot 'n enkelklank saamsmelt nie, maar tussen die suigklank en die daaropvolgende vokaal moet 'n totale afsluiting in die glottis plaasvind.

Spreekoefeninge: |a, |e, |i, |o, |u; |ā, |ē, |ī, |ō, |ū;
|â, |î, |û; ||a, ||e, ||i, ||o, ||u; ||ā, ||ē, ||ī, ||ō, ||ū;
!â, !î, !û; !a, !e, !i, !o, !u; !ā, !ē, !ī, !ō, !ū;
#â, #î, #û.

Wanneer die suigklanke egter nie deur 'n stembandklapper gevolg word nie, word hulle ortografies soos volg voorgestel: |g, ||g, !g en *g. Die g word nie uitgespreek nie, maar het slegs die funksie om aan te dui dat daar tussen die suigklank en die daaropvolgende vokaal geen afsluiting in die glottis plaasvind nie. M.a.w. die suigklank en die daaropvolgende vokaal smelt feitlik saam tot 'n enkelklank.

Spreekoefeninge: |gā, |ge, |gi, |go, |gu; |gā, |gē, |gī,
|gō, |gū; |gâ, |gî, |gû; ||gā, ||ge, ||gi, ||go, ||gu;
||gā, ||gē, ||gī, ||gō, ||gū; ||gâ, ||gî, ||gû; !gā, !ge,
!gi, !go, !gu; !gā, !gē, !gī, !gō, !gū; !gâ, !gî,
!gû; *gā, *ge, *gi, *go, *gu; *gā, *gē, *gī, *gō,
*gū; *gâ, *gî, *gû.

Saamgestelde suigklankkonsonante:

Suigklanke gevolg deur h:

Let wel: In die uitspraak is daar 'n pouse tussen die suigklank en die h.

|h [|h]¹⁾ bv. |ham (slaan), |hēs (rommel), |hâi (sug),
|hommi (hemel)

||h [||h] bv. ||hā (kap), ||hâ (vlug), ||hō (gooi), ||hū (blaf)

!h [!h] bv. !hūb (grond), !haras (kraal), !huni (geel),
!hommi (berg)

*h [*h] bv. *hā (stoot), *here (vlak), *hani (hinder),
*huwi (brand)

¹⁾ Die streep in die fonetiese hakies stel 'n pouse tussen die suigklank en die h voor.

Suigklanke wat volg op n:

Let wel: Hoewel die suigklank in die ortografie voor die n geskryf word, begin die uitspraak van die nasaal eerste. Die tong neem eers die posisie van die nasaal in en direk daarna die posisie van die suigklank, sodat die nasaal en die suigklank feitlik tot 'n enkelklank saamsmelt.

!n [n|] bv. !nō (meet), !nanus (wolk), !nai (lankal),
!nau (besalf)

||n [n||] bv. ||nū (skuur), ||nâb (horing), ||nâma (vermaan),
||nâu (hoor)

!n [n!] bv. !nū (vêr), !nō (swyf), !nari (steel), !nona
(drie).

n [n] bv. *nū (sit), *nâ (droog word), *nau (slaan),
*naras (eend)

Suigklanke gevolg deur kh:

Let wel: Die k word in werklikheid nie uitgespreek nie, maar omdat daar tussen die suigklank en die h geen pouse is nie, maar wel 'n mate van velêre friksie (vgl. Afr. g soos in "gaan"), klink dit wel asof daar 'n k, of eerder 'n kg (Nama: kh) tussen die suigklank en die h voorkom.

!kh [!x^h~!x^h] bv. !khâb (liggaam), !khū (bewe), !khae (seën)

||kh [||x^h~||x^h] bv. ||khui (vermis), ||kham (vasklou), ||khan
(haat)

!kh [!x^h~!x^h] bv. !kham (baklei), !khom (aftuimel), !khai
(koud)

*kh [*x^h~*x^h] bv. *khâ (belet), *khon (soet), *khiri (gly)

Konsonante vreemd aan Nama:

Nama het die volgende konsonante uit Europese tale oorge-
neem:

f [f] soos Afr. f in "fees", bv. telefoni (telefoon)

j [j] soos Afr. j in "Jan", bv. Jesub (Jesus)

l [l] soos Afr. l in "loop", bv. skoli (skool).

II. VORMLEER

Aangesien die voornaamwoord in Nama feitlik die grondslag van die grammatika vorm, is dit belangrik om die voornaamwoord in die eerste hoofstukke van hierdie grammatika deeglik te behandel. Daarna kan 'n paar eenvoudige vorme van die werkwoord bygebring word om oefensinne saam te stel.

Par. 1. Geslag van die voornaamwoord

Terwyl die voornaamwoord in Duits en Afrikaans slegs vir die derde persoon enkelvoud besondere vorms vir die manlike, vroulike en onsydige geslag het (hy, sy, dit - er, sie, es), onderskei die voornaamwoord in Nama vir alle persone, met uitsondering van die eerste persoon enkelvoud, noukeurig die geslag.

Die onsydige vorm van Nama word reëlmatig daar gebruik waar mens nie noukeurig kan of wil onderskei aan watter geslag die betrokke voorwerp behoort nie, of wanneer verskillende voorwerpe, van sowel die manlike as die vroulike geslag saamgevat word. Die Duitse of Afrikaanse voornaamwoord "julle - ihr" byvoorbeeld, laat nie blyk of die aangesproke persone net mans of net vrouens of mans en vrouens is nie. In Nama word hierdie onderskeid egter altyd deur die voornaamwoord aangedui. In plaas van om te praat van die onsydige vorm, kan dus ook gepraat word van die gemeenslagtige vorm, aangesien sowel manlike asook vroulike persone of sake daardeur aangedui kan word.

Par. 2. Getal van die voornaamwoord

Net soos in Duits en Afrikaans het die voornaamwoord in Nama ook 'n enkelvoudvorm en 'n meervoudvorm. Hierbenewens

het dit ook nog 'n besondere vorm vir twee persone of voorwerpe, nl. 'n tweevoudvorm (dualis).

Die volgende tabelle moet deeglik gememoriseer word.

Par. 3 Die manlike voornaamwoord

Die manlike voornaamwoord is net vir naamwoorde van manlike geslag gebruiklik.

	<u>1ste persoon</u>	<u>2de persoon</u>	<u>3de persoon</u>
<u>enkv.</u>	tita ek	sats jy	ib hy
<u>tweev.</u>	sakhom ons twee	sakho julle twee	ikha hulle twee
<u>meerv.</u>	sage ons	sago julle	igu hulle

Par. 4. Die vroulike voornaamwoord

Die vroulike voornaamwoord is net vir naamwoorde van vroulike geslag gebruiklik.

	<u>1ste persoon</u>	<u>2de persoon</u>	<u>3de persoon</u>
<u>enkv.</u>	tita ek	sas jy	is sy
<u>tweev.</u>	sam ons twee	saro julle twee	ira hulle twee
<u>meerv.</u>	sase ons	saso julle	idi hulle

Par. 5. Die gemeenslagtige voornaamwoord

Die gemeenslagtige voornaamwoord is vir naamwoorde van manlike en vroulike geslag gebruiklik.

	<u>1ste persoon</u>	<u>2de persoon</u>	<u>3de persoon</u>
<u>enk.</u>	-	-	i-i dit
<u>tweev.</u>	sam ons beide (man en vrou)	saro julle beide (man en vrou)	ira hulle beide (man en vrou)
<u>meerv.</u>	sada ons (mans en vrouens)	sadu julle (mans en vrouens)	in hulle (mans en vrouens)

Vertalingsoefening

- | | | | | |
|------------|-------------|------------|-------------|-------------|
| 1. ib. | 2. saro. | 3. saso. | 4. ira. | 5. sam. |
| 6. sakho. | 7. igu. | 8. tita. | 9. is. | 10. sas. |
| 11. sase. | 12. saro. | 13. sam. | 14. sakhom. | 15. ikha. |
| 16. i-i. | 17. sada. | 18. in. | 19. ira. | 20. sage. |
| 21. sats. | 22. sakhom. | 23. sakho. | 24. igu. | 25. tita. |
| 26. is. | 27. sago. | 28. ira. | 29. sase. | 30. idi. |
| 31. i-i. | 32. saro. | 33. sada. | 34. in. | 35. sadu. |

Die Afrikaanse vertalings van bostaande vorme verskyn hier onder. Hulle moet egter nie geraadpleeg word alvorens 'n vertaling van bostaande nie aangedurf is nie. Daarna kan die Afrikaanse gedeelte dan benut word deur dit weer in Nama terug te vertaal.

- | | |
|---------------------------|---------------------------|
| 1. hy. | 2. julle twee (v. of g.) |
| 3. julle (v. meerv.) | 4. hulle beide (v. of g.) |
| 5. ons twee (v. of g.) | 6. julle beide (m.) |
| 7. hulle (m. meerv.) | 8. ek (m. of v.) |
| 9. sy (v. enkv.) | 10. jy (v.) |
| 11. ons (v.) | 12. julle twee (v. of g.) |
| 13. ons twee (v. of g.) | 14. ons twee (m.) |
| 15. hulle twee (m.) | 16. dit |
| 17. ons (g.) | 18. hulle (g.) |
| 19. hulle twee (v. of g.) | 20. ons (m.) |
| 21. jy (m.) | 22. ons twee (m.) |
| 23. julle twee (m.) | 24. hulle (m. meerv.) |
| 25. ek (m. of v.) | 26. sy (v. enkv.) |
| 27. julle (m. meerv.) | 28. hulle twee (v. of g.) |
| 29. ons (v.) | 30. hulle (v. meerv.) |
| 31. dit | 32. julle twee (v. of g.) |
| 33. ons (g.) | 34. hulle (g.) |
| 35. julle (g.) | |

Par. 6. Enkele opmerkings i.v.m. die tydsforme

Die werkwoord in Nama word nie self verwoeg om die tyd van handeling aan te dui nie. Die tye in Nama word egter gevorm deur klein onvertaalbare woordjies wat saam met die werkwoord optree. Ons noem hierdie woordjies t y d s p a r t i k e l s. Hulle is die volgende.

- | | |
|-------------------------------|------------|
| vir die teenwoordige tyd: | ra |
| vir die onlangse verlede tyd: | go |
| (d.i. tot 2 dae gelede) | |
| vir die verre verlede tyd: | ge |
| (d.i. verder as 2 dae gelede) | |
| vir die toekomstige tyd: | ni en nira |

Opmerkings:

1. Die teenwoordige tydspartikel ra verander na ta wanneer dit direk op 'n konsonant volg. In enkele gevalle word ra ook na 'n konsonant gehoor. Dit is dan net moeiliker om dit uit te spreek.
2. Die toekomstige tydspartikel nira is 'n bietjie plegtiger, bepaalder en meer profeties as die tydspartikel ni.

Par. 7. Die onderwerp-ge

Hierdie partikel tree altyd direk na die onderwerp in 'n hoofsin op en word onderskei van die t y d s partikel ge deurdat dit met 'n hoër toon uitgespreek word. Die funksie van die onderwerp-ge is om die onderwerp in die hoofsin te beklemtoon.

Hierdie partikel word in die v e r k l a r e n d e h o o f s i n gebruik, sonder om egter onvoorwaardelik in elke hoofsin te staan. Daarbenewens mag dit egter in geen bysin of vraagsin (direk of indirek) of bevelsing staan nie.

Par. 8. Die tydspartikels met die onderwerp-ge

Die tydspartikels in samestelling met die onderwerp-ge (as daar nie nog ander sinsdele optree tussen die onderwerp en die werkwoord nie - daaroor later -) is dus die volgende:

teenwoordige tyd :	ge ra	nabye verlede tyd:	ge go
verre verlede tyd:	ge ge	toekomstige tyd :	ge ni of ge nira

Opmerkings:

1. Wanneer mens in Nama met die verlede tyd te doen het, is dit nodig om deeglik vas te stel of die handeling vandag, gister of eergister plaasgevind het, of wel vroeër. Bv. Tita ge go mû - ek het gesien (vandag of gister). Tita ge ge mû - ek het gesien (twee dae gelede of langer terug).
2. Die werkwoorde "sal, moet, behoort" het in Nama geen eie vorm nie. Hulle word deur ni of nira omskryf. Bv. Die boodskapper moet gaan = die boodskapper sal gaan.

Woordeskat

mû	-	sien	ā	-	drink
mâ	-	staan	!gû	-	gaan
mā	-	gee	hā	-	kom
+û	-	eet	sī	-	aankom
nâu	-	hoor	bē	-	weggaan
sisen	-	werk	sī	-	stuur

Oefening

- | | |
|--------------------------|---------------------------------------------|
| 1. Tita ge ra mû. | Ek sien. |
| 2. Tita ge go mû. | Ek het gesien (pas). |
| 3. Tita ge ge mû. | Ek het gesien (een week gelede). |
| 4. Tita ge ni (nira) mû. | Ek sal sien. |
| 5. ib ge ra mû. | Hy sien. |
| 6. Saro ge ge mā. | Julle twee (v.) het gegee (drie dae gelede) |
| 7. Saso ge ni (nira) mû. | Julle (v.) moet (sal) sien. |
| 8. ira ge ni !gû. | Die twee (g.) moet gaan. |

- | | |
|---------------------------|--------------------------------------------------|
| 9. Sam ge nī hā. | Ons twee (g.) sal (hierheen) kom. |
| 10. Sakho ge ge sī. | Julle twee (m.) het daar aangekom (jare gelede). |
| 11. īdi ge ra ā. | Hulle (v.) drink. |
| 12. Tita ge go +ū. | Ek het geëet (vanoggend). |
| 13. īs ge ge sisen. | Sy het gewerk (vroeër). |
| 14. Sas ge nīra !gū. | Jy (v.) sal (moet) gaan. |
| 15. Sase ge go nāu. | Ons (v.) het gehoor (gister). |
| 16. Saro ge ra +ū. | Julle twee (g.) eet. |
| 17. Sam ge nī sī. | Ons twee (v.) sal stuur. |
| 18. Sakhom ge nī nāu. | Ons twee (m.) sal hoor. |
| 19. īkha ge go hā. | Die twee (m.) het gekom (vandag). |
| 20. ī-i ge go bē. | Dit het weggegaan (pas). |
| 21. Sada ge nīra !gū. | Ons (g.) sal moet gaan. |
| 22. īn ge ge sisen. | Hulle (g.) het gewerk (verlede week). |
| 23. īra ge go mā. | Die twee (g.) het gegee (gister). |
| 24. Sage ge go mā. | Ons (m.) het gestaan (gister). |
| 25. Sats ge nī mū. | Jy (m.) sal sien. |
| 26. Sakhom ge nīra nāu. | Ons twee (m.) sal hoor. |
| 27. Sakho ge nī hā. | Julle twee (m.) moet kom. |
| 28. īgu ge nī bē. | Hulle (m.) sal weggaan. |
| 29. Tita ge ra bē. | Ek gaan weg. |
| 30. īdi ge ge ā. | Hulle (v.) het gedrink (ses dae gelede). |
| 31. ī-i ge go hā. | Dit het gekom (gister). |
| 32. īn ge ra mū. | Hulle (g.) sien. |
| 33. Sago ge nī sisen. | Julle (m.) sal (moet) werk. |
| 34. Sadu ge go hā. | Julle (g.) het gekom (vandag). |
| 35. īb ge nīra bē. | Hy sal weggaan. |
| 36. Sage ge ge sī. | Ons (m.) het gestuur (een jaar gelede). |

- | | |
|------------------------|-------------------------------------|
| 37. īkha ge go mā. | Die twee (m.) het gestaan (vandag). |
| 38. Saso ge ra ā. | Julle (v.) drink. |
| 39. īn ge nī +ū. | Hulle (g.) moet eet. |
| 40. īgu ge ra sisen. | Hulle (m.) werk. |

Opmerking:

Die student moet nie verder gaan voordat hy nie die voornaamwoord ten volle beheers nie.

Die Bevelvorm (Imperatief)

Aangesien die bevelvorm van die werkwoord dikwels voorkom, sal ons reeds hier let op die eenvoudigste vorm daarvan, om sodoende ryker gestalte te gee aan die volgende oefensinne. Die bevelvorm, in die enkelvoud sowel as in die meervoud, bestaan uit die eenvoudige werkwoord: mū! (sien!), hā! (kom!), !gū! (gaan!), ens.

Word twee bevele deur "en" verbind, word hierdie "en" met ī vertaal, bv. Hā, ī mū! (Kom en sien!)

Die onderwerp-ge kom nooit in bevele voor nie.

Par. 9. Die voorwerpsvorm van die voornaamwoord

Die voorwerpsvorm van die voornaamwoord is in baie gevalle identies aan die onderwerpsvorm (nominatief) en kan slegs herken word aan die posisie wat dit in die sin inneem. In die orige gevalle het dit 'n besondere vorm wat, met weinige uitsonderings, deur die toevoeging van 'n "a" aan die onderwerpsvorm, gekenmerk word. Dit blyk uit die volgende tabel.

Opmerking: Die voorwerpsvorme wat verskil van die onderwerpsvorme is in die tabel onderstreep.

		1ste persoon	2de persoon	3de persoon
Manlik	enkv.	tita my	<u>satsa</u> jou	<u> iba</u> hom
	tweev.	sakhoma ons twee	sakho julle twee	<u> ikha</u> hulle twee
	meerv.	sage ons	sago julle	<u> iga</u> hulle
Vroulik	enkv.	tita my	<u>sasa</u> jou	<u> isa</u> haar
	tweev.	<u>sama</u> ons twee	saro julle twee	<u> ira</u> hulle twee
	meerv.	sase ons	saso julle	<u> ide</u> hulle
Gemeen- slagtig	enkv.	-	-	<u> i-e</u> dit
	tweev.	<u>sama</u> ons twee	saro julle twee	<u> ira</u> hulle twee
	meerv.	sada ons	<u>sado</u> julle	<u> ina</u> hulle

Woordeskat

<u> ā</u>	-	was	*gai	-	roep
<u> amaxū</u>	-	verkoop	dī	-	doen
<u>!āitsā</u>	-	versoek	tawede	-	groet
<u>!ao</u>	-	vrees	hui	-	help
<u>*nau</u>	-	slaan	'khō	-	gryp, vat
<u>xore</u>	-	losmaak	<u> ama</u>	-	koop

Reëls vir die volgende oefeningsinne: Die voorwerps-
vorm van die voornaamwoord staan gewoonlik tussen die
onderwerp-ge en die tydspartikel. Hieruit volg die
volgende woordorde:

1. onderwerp
2. onderwerp-ge
3. voorwerp
4. tydspartikel
5. werkwoord

Oefening

1. ||ib ge tita ra mū. Hy sien my.
2. Saro ge ||isa ge mā. Julle twee (v.) het vir haar gegee.
3. Saso ge ||ina ra ||ā. Julle (v.) was hulle (g.).
4. ||ira ge ||iba ra !āitsā. Die twee (g.) versoek hom.
5. Sadu ge tita go *gai. Julle (g.) het my geroep.
6. ||igu ge ||iba ge !khō. Hulle (m.) het hom gegryp.
7. Sam ge ||i-e ra !ao. Ons twee (g.) vrees dit.
8. Sakho ge ||ikha nī xore. Julle twee (m.) sal hulle twee (m.) losmaak.
9. ||ib ge tita go *nau. Hy het my geslaan. (gister)
10. Sats ge ||isa nī hui. Jy moet haar help.
11. Sago ge ||iba ge ||amaxū. Julle (m.) het hom verkoop.
12. Tita ge satsa ra tawede. Ek groet jou.
13. ||idi ge tita ra !ao. Hulle (v.) vrees my.
14. Sas ge tita nī ||ā. Jy (v.) moet my was.
15. Sadu ge tita go hui. Julle (g.) het my gehelp.
16. Tita ge ||ikha nī *gai. Ek sal die twee (m.) roep.
17. Sase ge ||i-e ra dī. Ons (v.) doen dit.
18. ||ira ge sado nī mā. Die twee (g.) sal vir julle (g.) gee.
19. ||in ge sama go mū. Hulle (g.) het ons twee (v.) gesien.
20. Sago ge ||iba nī !khō. Julle (m.) moet hom gryp.
21. Sakho ge ||ina nī tawede. Julle twee (m.) moet hulle (g.) groet.
22. Tita ge ||iga ge mū. Ek het hulle (m.) gesien.
23. ||ikha ge sakhoma go *gai. Die twee (m.) het ons twee (m.) geroep.
24. ||ib ge saro go sī. Hy het julle twee (v.) gestuur.
25. ||in ge ||i-e ge dī. Hulle (g.) het dit gedoen.

- 26. Sats ge tita nī xore. Jy (m.) moet my losmaak.
- 27. ||īgu ge ||ī-e nī *ū. Hulle (m.) sal dit eet.
- 28. ||īs ge ||īde nī hui. Sy sal hulle (v.) help.
- 29. Saso ge tita go mā. Julle (v.) het vir my gegee.
- 30. Sas ge ||īde nī *gai. Jy (v.) moet hulle (v.) roep.

Par. 10. Verkorte voornaamwoorde en die voornaamwoorde-
like agtervoegsels

In paragrafe 3 - 5 het ons die volledige vorme van die voornaamwoord leer ken. Naas die volledige vorm, bestaan egter ook nog die volgende twee soorte vorme:

A. Die voornaamwoordelike agtervoegsels:

Die voornaamwoorde tita, sats, ||īb, ens. bevat twee bestanddele, nl. 'n stam "ti", "sa", "||ī" en die agtervoegsel "ta", "ts", "b", ens. Word die stam weggeneem, word die voornaamwoordelike agtervoegsel verkry. Hierdie voornaamwoordelike agtervoegsel kan agter aan verskeie ander woordsoorte gevoeg word. Maar later meer oor die gebruik en betekenis van die voornaamwoordelike agtervoegsels.

B. Die verkorte voornaamwoorde:

Die verkorte voornaamwoord word net so dikwels, indien nie meer dikwels, as die volledige vorm van die voornaamwoord in die spreektaal gebruik. Sy funksie is presies dieselfde as dié van die volledige vorm en hy word in die plek van die volledige vorm gebruik.

Die onderwerpsvorme van die verkorte voornaamwoorde word op dieselfde manier verkry as die voornaamwoordelike ag-

tervoegsels, d.w.s. deur die wegneem van die stam van die voornaamwoord. (Vgl. die onderstaande tabelle.)

Die voorwerpsvorm van die verkorte voornaamwoord word egter in die meeste gevalle nie op hierdie manier verkry nie, maar lyk, behalwe vir 'n paar vorme, net soos die onderwerpsvorm van die verkorte voornaamwoord. In die volgende tabelle is die voorwerpsvorme wat verskil in vorm t.o.v. die onderwerpsvorme onderstreep.

Enkelvoud

		onderwerpsvorm		voorwerpsvorm	
1.pers.	manlik	ta	ek	<u>te</u>	my
	vroulik	ta	ek	<u>te</u>	my
	gemeensl.	-	-	-	-
2.pers.	manlik	ts	jy	<u>tsi</u>	jou
	vroulik	s	jy	<u>si</u>	jou
	gemeensl.	-	-	-	-
3.pers.	manlik	b	hy	<u>bi</u>	hom
	vroulik	s	sy	<u>si</u>	haar
	gemeensl.	i	dit	i	dit

Tweevoud

1.pers.	manlik	khom	ons twee	khom	ons twee
	vroulik	m	ons twee	<u>im</u>	ons twee
	gemeensl.	m	ons twee	<u>im</u>	ons twee
2.pers.	manlik	kho	julle twee	kho	julle twee
	vroulik	ro	julle twee	ro	julle twee
	gemeensl.	ro	julle twee	ro	julle twee
3.pers.	manlik	kha	hulle twee	kha	hulle twee
	vroulik	ra	hulle twee	ra	hulle twee
	gemeensl.	ra	hulle twee	ra	hulle twee

Meervoud

1.pers.	manlik	ge	ons	ge	ons
	vroulik	se	ons	se	ons
	gemeensl.	da	ons	da	ons
2.pers.	manlik	go	julle	go	julle
	vroulik	so	julle	so	julle
	gemeensl.	du	julle	du	julle
3.pers.	manlik	gu	hulle	gu	hulle
	vroulik	di	hulle	di	hulle
	gemeensl.	n	hulle	<u>in</u>	hulle

Let wel: Die verkorte voornaamwoorde wat nie 'n vokaal het nie, soos ts, s, b, m, n, ens. word altyd VAS geskryf aan die voorafgaande woord.

Die verkorte voornaamwoorde wat wel 'n vokaal het, soos ta, te, khom, ge, se, di, i, ens. word altyd LOS geskryf t.o.v. die voorafgaande woord.

Voegwoorde:

o - toe, dan, en toe, dus ||nā-amaga - daarom
tsi - en

Bywoorde:

lase - flussies, netnou, weldra !auga - buite
tsēkorobe - daagliks nēsi - nou
nepa - hier, hierheen nēsisā - nou
||napa - daar, daarheen nēsara - nou
naupa - doer, doerheen nētsē - vandag
nepa xu - hiervandaan af ||ari - gister (met "go")
||napa xu - daarvandaan af ||ari - môre (met "nī")
naupa xu - doervandaan af
mapa? - waar? waarheen? aetsē - eergister (met "ge")
mapa xu? - waarvandaan? aetsē - oormôre (met "nī")
māi? - waarheen?
nēi? - hierheen huka - van ouds af, toeka se dae
||nāi? - daarheen hamo? - wanneer?
nau? - doerheen

Oefening

Oefening 1: Die onderwerpsvorm van die verkorte voornaamwoord verskyn direk na die voegwoord of die

bywoord.

1. O ta ge ||iba go mû. Toe het ek hom gesien.
 2. Tsí ro ge ge 'gû. En julle het gegaan.
 3. ||Nā-amagags ge ||ísa ní sí. Daarom moet jy haar stuur.
 4. !Auga gu ge sase go hui. Buite het hulle ons gehelp.
 5. Tsēkorobe da ge ra ā. Daagliks drink ons.
 6. ||Aribg ge sama go +nau. Gister het hy ons twee geslaan.
 7. Nētsē di ge ||ína go ||amaxū. Vandag het hulle hulle verkoop.
 8. ||Arimg ge ||iba ní 'khō. Mōre sal ons twee hom gryp.
 9. Aetsē ge ge ||íga ní +gai. Oormōre sal ons hulle roep.
 10. !Ase so ge ní hā. Netnou moet julle kom.
 11. Huka go ge tita ra !ao. Van ouds af vrees julle my.
 12. Nēsi du ge ||ísa ní hui. Nou moet julle haar help.
 13. ||Napabg ge ||ari go sisen. Daar het hy gister gewerk.
 14. ||Nā'í ro ge nētsē ní 'gû. Daarheen moet julle vandag gaan.
 15. Nepa kha ge ge hā. Hierheen het die twee gekom.
 16. Naupa ta ge satsa ge sí. Daarheen het ek jou gestuur.
 17. ||Napa xun ge aetsē go hā. Daarvandaan het hulle eergister gekom.
 18. ||Arits ge tita go +gai, o ta ge go hā. Gister het jy my geroep, en toe het ek gekom.
 19. ||Íb ge ge 'gû, tsí**b** ge ||íga ge 'khō. Hy het gegaan en hy het hulle gevang.
 20. Sas ge go hā, ||nā-amaga ta ge ní bē. Jy het gekom, daarom sal ek weggaan.
- Die onderwerp-ge ontbreek in vraagsinne (vgl. par. 7).
21. Hamos ||ína ní tawede? Wanneer sal jy (sy) hulle Hamos ní ||ína tawede? groet?

22. Malí kho ||íra ge sí? Waarheen het julle die twee Malí kho ge ||íra sí? gestuur?
23. Mapa xu se ||íde ní mû? Van waar af sal ons hulle sien?
24. Mapa khom nētsē ra +û? Waar eet ons vandag?
25. Hamom ní 'gû? Wanneer sal ons twee gaan?
26. Malí i ge sisen 'gû? Waarheen het dit gegaan om te werk?
27. Mapa xu ra ||ari go hā? Van waar af het hulle twee gister gekom?
28. Hamots go tita +gai? Wanneer het jy my geroep?
29. Mapa du ní ||iba hui? Waar sal julle hom help?
30. Malí so ge +û 'gû? Waarheen het julle gegaan om te eet?

Oefening 2: Die onderwerpsvorm van die verkorte voornaamwoord verskyn direk na die voorwerpsvorm van die volledige voornaamwoord.

1. Titabg ge ra mû. Hy sien my.
2. ||Íba ta ge go !ao. Hom het ek gevrees.
3. ||Ínasg ge ge mā. Vir hulle het sy gegee.
4. Sage gu ge go hui. Hulle het ons gehelp.
5. ||íkha ta ge ní ||amaxū. Die twee sal ek verkoop.
6. Sago gu ge ge 'khō. Hulle het julle gegryp.
7. Satsa di ge ra !ao. Hulle vrees jou.
8. ||Íba ro ge ní tawede. Julle moet hom groet.
9. ||Í-e da ge ra ||nāu. Ons hoor dit.
10. Tita du ge go hui. Julle het my gehelp.
11. Sageng ge ge mû. Hulle het ons gesien.
12. ||Íbats ge níra mā. Jy moet vir hom gee.
13. Sado ta ge go +gai. Ek het julle geroep.
14. Sasa da ge ra sí. Ons stuur jou.
15. Sama kha ge go +nau. Hulle twee het ons geslaan.

Woordeskat

ū	-	neem	'khō!oa	-	ontvang, aanneem
!gae	-	bind	!nari	-	steel
hō	-	vind	khara	-	straf
ôa	-	soek	!khoe	-	hardloop
dī	-	vra	sari	-	besoek
!eream	-	antwoord	nae	-	sing
*homi	-	lieg	!gam	-	doodmaak
sao	-	volg	gui	-	neerlê

Oefening 3: Gemengde oefeninge (die verkorte voornaamwoorde is onderstreep).

1. Nētsē ta ge ||iba go dī, ob ge tīta go !eream. Vandag het ek hom gevra, en toe het hy my geantwoord.
2. Mabas ||ī-e ge ||gui? Waar het hy dit neergesit?
3. ||Arits ge go *homi, ||nā-amaga ta ge satsa nī ||khara. Gister het jy 'n leuen vertel, daarom sal ek jou straf.
4. ||Iba du ge nīra sao! Julle moet hom volg!
5. ||Napan ge ge !nari, o ge ge sī tsi ||īna ge !khō tsi ge !gae. Daar het hulle gesteel, toe het ons daarheen gegaan en hulle gevang en vasgemaak.
6. Mapa go ||īga ge hō tsi ge !gam? Waar het julle hulle gevind en doodgemaak?
7. Aetsē da ge sado nī sari. Oormôre sal ons julle besoek.
8. Sage ge go ||nae, on ge go hā tsi go ||nāu. Ons het gesing en toe het hulle gekom en geluister.
9. Tita so ge ra dī, o ta ge sasō nī !eream. Julle vra my, en ek sal julle antwoord.
10. Hamo ro nepa nī hā tsi tita tawede? Wanneer sal julle hierheen kom en my groet?
11. ||Nāi ta ge go !khoe, o gu ge tita go sao. Ek het daarheen gehardloop, en toe het hulle my gevolg.

12. Sats ge ge !nari, o ta ge satsa nī !gae. Jy het gesteel, daarom sal ek jou vasbind.
13. Naupa du ge nī sī, o du ge ||ī-e nī hō. Julle moet daarheen gaan, dan sal julle dit vind.
14. ||Arin ge ||ība go !khō-!oa. Gister het hulle hom aangeneem.
15. Mapa kho ||ī-e ge ||gui? Waar het julle dit neergesit?
16. Tita ge ge dī, o go ge tita nī ||khara. Ek het (dit) gedoen, dus moet julle my straf.
17. Sasa ta ge ra dī; hamos nī tita !eream? Ek vra jou; wanneer sal jy my antwoord?
18. Hukats ge tita ra sari. Van lankal af besoek jy my.
19. ||Arin ge sama go sari, om ge ||īna ||ari nī sari. Gister het hulle ons besoek, dus sal ons twee hulle môre besoek.
20. Hamob go hā tsi ||ī-e go ū? Wanneer het hy gekom en dit geneem?

Oefening 4: Die gebruik van die voorwerpvorm van die verkorte voornaamwoord.

1. ||Ib ge lase go *nau te. Hy het my so pas geslaan.
2. Tita ge ra sī tsi, ots ge nī ôa in. Ek stuur jou, dan moet jy hulle soek.
3. ||Ari ta ge nī ||amaxū bi. Môre sal ek hom verkoop.
4. Hamob ge dī tsi? Wanneer het hy jou gevra?
5. Mapas go ||gui i? Waar het jy dit neergelê?
6. ||īgu ge go *homi, ||nā-amagats ge nī ||khara gu. Hulle het gelieg, daarom moet jy hulle straf.
7. ||Ib ge nīra !gam te, o ta ge ra !ao bi. Hy sal my doodmaak, dus vrees ek hom.
8. Sago ge go !khō!oa te, o go ge nī hui te. Julle het my aangeneem, dus moet julle my help.
9. Nēsisā ro ge ||ī-e nī mā si. Nou moet julle dit vir haar gee.
10. Hamots nī sari im? Wanneer sal jy ons twee besoek?

11. ||Ari ta ge go sī kha. Gister het ek die twee gestuur.
12. Mapa du ge hō in? Waar het julle hulle gevind?
13. ||Napa xu ta ge go mū kha. Daarvandaan af het ek die twee gesien.
14. Sage ge ge !khō bi. Ons het hom gegryp.
15. |Ase ta ge nī +gai tsi. Netnou sal ek jou roep.
16. Sage ge ge +ū, o gu ge ge hā tsi ge !khō ge. Ons het geëet en toe het hulle gekom en ons gegryp.
17. ||Arib ge nī xore kho. Môre sal hy julle twee losmaak.
18. ||Īb ge go ū i. Hy het dit geneem.
19. |Ases ge go hā tsi go mā te. Netnou het sy gekom en vir my gegee.

Par. 11. Die selfstandige naamwoord

Die selfstandige naamwoord kom soos die persoonlike voor-naamwoord voor in die enkelvoud, tweevoud en meervoud. Hierdie vorme word verkry deur die aanvoeging van die reeds bekende geslagsuitgang van die 1ste, 2de en 3de persoon enkelvoud, tweevoud en meervoud aan die stam van die selfstandige naamwoord. Vir die woord "mens" kry ons die stam "khoe" en vervolgens geld die volgende vorme vir die onderwerpsvorm in die 3de persoon:

enkelvoud	tweevoud	meervoud
khoeb die man	khoekha die twee mans	khoegu die mans
khoes die vrou	khoera die twee vroue	khoedi die vroue
khoe-i die mens	khoera die twee mense	khoen die mense

h Aantal manlike selfstandige naamwoorde is h uitsondering

op bogenoemde reël. Die betrokke naamwoord se stam eindig op "m" of "n". Omdat die Namataal nie in staat is om hierdie uitgang met "b" te verbind nie, is die kenmerkende uitgang, gevolglik "(m)i" of "(n)i" bv. ||gammi - water; omni - huis; ||ganni - vleis.

Ook h aantal leenwoorde, waarvan die stam op ander konsonante eindig, neem die manlike uitgang "i", bv. stuli - stoel; skoli - skool; Īri - uur.

Die gesalg van die selfstandige naamwoord:

Waar die natuurlike geslag nie onderskeidend optree nie, geld in die algemeen

- a) as manlik sodanige voorwerpe wat hulle deur slanke groei, gestalte of fatsoen onderskei.
- b) as vroulik sodanige voorwerpe wat hulle deur ronding, dikte of breedte onderskei. Verder: die meeste deverbatiwe (selfstandige naamwoorde afgelei van werkwoorde), bv. ||nāus - hoordery, !gūs - gaandery.
- b) die gemeenslagtige of onsydige vorm kan deur h manlike of vroulike selfstandige naamwoord aangeneem word as die selfstandige naamwoord se geslag nie aangedui moet of kan word nie, bv. gomab - die os, gomas - die koei, goma-i - h bees. h Bees wat in die verte wei en nie onderskei baar is t.o.v. geslag nie, sal dus altyd goma-i genoem word.

Die voorwerpsvorm van die selfstandige naamwoord word soos die volle voornaamwoord van die 1ste, 2de en 3de persoon gevorm, (vgl. die tabel op bl.22) Vir die woord "mens" geld dus die volgende vorme vir die voorwerpsvorm in die 3de persoon.

enkelvoud	tweevoud	meervoud
khoeba die man	khoekha die twee mans	khoega die mans
khoesa die vrou	khoera die twee vroue	khoede die vroue
khoe-e die mens	khoera die twee mense	khoena die mense

Woordeskat

aob	- die man (vererende betekenis)
aos	- die vrou " "
taras	- die vrou (eggenote)
khā khā	- leer, onderrig
khā khā-aob	- leermeester, leraar
hui-aob	- die helper
Hui-aob	- Heiland, Verlosser
!ûi	- bewaak, bewaar, behoed
!ûi-aob	- herder, oppasser
gao	- heers, regeer
gao-aob	- heerser, kaptein
!gôab	- seun (vgl. Engels 'son')
!gôas	- meisie
!gôa-i	- kind
(ti) ôab	- (my) seun (vgl. Engels 'son')
(ti) ôas	- (my) dogter (vgl. Engels 'daughter')
(ti) ôa-i	- (my) kind (van eie ouers)
gûb	- vader (laagtoon)
gûs	- moeder
gûn, gûra	- ouers
(ti) îb	- (my) vader
(ti) îs	- (my) moeder
(ti) îra	- (my) ouers
saob	- jou vader

saos - jou moeder (word in die direkte aanspreekvorm gebruik)

Die volgende besitaanduidende voornaamwoorde en demonstratiewe word voor die selfstandige naamwoord geplaas en hulle bly, in hierdie posisie, onveranderd t.o.v. geslag en getal.

nē	- hierdie	sada	- ons (besitlik)
nā	- daardie	sadu	- julle (besitlik)
nau	- doerdie		
ti	- my		
sa	- jou		

Oefening 1

1. Ti aob ge khoena ra hui. My man help die mense.
2. Nē ||khā||khā-aob ge khoena nī ao||nāba. Hierdie leraar sal vir die mense preek.
3. Ti gao-aoba ta ge go mû. Ek het my kaptein gesien.
4. Tsēkorobe ta ge ti tarasa gere hui. Daagliks het ek my vrou gehelp.
5. Sada îb ge khoega go sî. Ons vader het die mans gestuur.
6. Saob ge nē !ûi-aoba go ||khara. Jou vader het hierdie wagter bestraf.
7. ||Nā !gôab ge ti ôaba ge +nau. Daardie seun het my seun geslaan.
8. Nē !gôas ge sa pereba go ū. Hierdie meisie het jou brood geneem.
9. ||Nā khoeekha ge nē !gôa-e ge hō. Daardie twee mans het hierdie kind gevind.
10. Tita ge ti îba ra hui. Ek help my vader.
11. Ti îsa ta ge go ôa. Ek het my moeder gesoek.
12. Sa ôabats ge nī ||khā||khā. Jy moet jou seun leer.

- | | |
|---------------------------------------|----------------------------------------------------------|
| 13. Taradi ge sada omma ni sari. | Die vroue sal ons huis besoek. |
| 14. Sada gao-aob ge ti ina ge tawede. | Ons kaptein het my ouers gegroet. |
| 15. Hamo du sadu iba ni 'eream? | Wanneer sal julle julle vader antwoord? |
| 16. Nē khoera ge gan-e go +û. | Hierdie twee (vroulik of gemeenslagtig) het vleis geëet. |
| 17. Nē gôakha ge nētsē go !nari. | Hierdie twee seuns het vandag gesteel. |
| 18. Gomaba ta ge ge !gae. | Ek het die os vasgemaak. |
| 19. Hui-aob ge saosa nira hui. | Die Heiland sal jou moeder help. |
| 20. Ti gomasats ge go !nari. | Jy het my koei gesteel. |

Woordeskat

!gāb - kneg	gūb, gūs - skaap
!gās - diensmeisie	gūn - skape
!gān - bediendes	!goan - kleinvee
(ti) !gāb - (my) broer	pirib - bokram
(!gāsab)	
(ti) !gās - (my) suster	piris - bokooi
(!gāsas)	
(ti) !gān - (my) broers en	pirin - bokke
(!gāsan) - susters	
daib, dai-i - melk	sarab, - kleed
	saras
hais, haib - boom	gāus - huis
haib - stok	sīsenni - werk (s.nw.)
hai-i - hout	+ûb, +ûs, - kos
xūb, xūs - ding	+û-i
xū-i	
xūn - dinge	+ûmā - te ete gee
kunis - wa	pereb, - brood
daob - pad	pere-i

hāb, hās - perd	laes - vuur
hān - perde	laen - brandhout
gôab, gôas - mes	sāi - kook
laeb - siekte	xawas - skottel, bak
ūkhāi - optel	tani - dra
!ās - plek, oord, stad	torob - oorlog

Oefening 2

- | | |
|------------------------------------------------------------|-----------------------------------------------------------|
| 1. Nā xawana ā! | Was daardie skottels! |
| 2. Nē daob !kha !gū, ots ge nī sī. | Neem hierdie pad, dan sal jy daar kom. |
| 3. Sa hāba !khō, i gao-aoba mā. | Vat jou hings en gee hom vir die koning. |
| 4. Ti !gāb ge nē xū-e ge hō. | My broer het hierdie ding gevind. |
| 5. Haiba ū, i +nau bi! | Neem die stok en slaan hom! |
| 6. U, i +û! | Neem en eet! |
| 7. Khoegu ge gū-e ge +ā, nā-amagats ge iga nī khara. | Die mans het 'n skaap geslag, daarom moet jy hulle straf. |
| 8. Nā gôaba ū, i mā te! | Vat daardie mes en gee dit vir my! |
| 9. Ti !gāgu ge !gū tsī kunisa ge ōa. | My bediendes het gegaan en die wa gesoek. |
| 10. Nētsē du ge daiba nī hō tsī pereba nī +û. | Vandag sal julle melk kry en brood eet. |
| 11. Nē !ās ge sīsenna ge mā da. | Hierdie plek het ons werk gegee. |
| 12. Ari ta ge marina go hō. | Gister het ek geld gekry. |
| 13. !Ases go dī te, o ta ge go 'eream si. | Netnou het sy my gevra en toe het ek haar geantwoord. |
| 14. Sa laeb ge nira !gam si. | Jou siekte sal jou doodmaak. |
| 15. Nē xawana ūkhāi, i saosa mā! | Tel hierdie skottelgoed op en gee dit vir jou moeder! |

16. Ti sarana ū, i ||nā i tani! Neem my klere en dra dit daarheen!
17. Sa |goana ta ge ||ari nī ||amaxū. Jou kleinvee sal ek môre verkoop.
18. Ti !gās ge sa +ūna ra sâi. My diensmeisie kook jou kos.
19. Maba ta sa ||gāusa nī ôa? Waar sal ek jou huis soek?
20. Gao-aob ge toroba ge dī. Die koning het oorlog gemaak.
21. Nē laena ta ge go hō. Hierdie brandhout het ek gevind.
22. !Ūi-aob ge sada daiba ge ā. Die wagter het ons melk gedrink.
23. ||Nā xū-e ū, i gao-aoba mā. Vat daardie ding en gee dit vir die koning.
24. !Gôaba !khō, i +nau bi! Gryp die seun en slaan hom!
25. Sa ôab ge ti pereba go ū. Jou seun het my brood geneem.

Par. 12. Die gebruik van die voornaamwoord tesame met 'n selfstandige naamwoord

Soos in Afrikaans tree die voornaamwoord ook in Nama soms saam met 'n selfstandige naamwoord op, bv. ek, die koning; ons, die kinders; ens. In Nama geskied die vorming van hierdie samestelling soos volg:

voornaamwoordelike stam + selfstandige naamwoordstam + voornaamwoordelike agtervoegsel (die voornaamwoordelike agtervoegsel word altyd vas geskryf aan die selfstandige naamwoordstam), aldus: ti gao-aota; sa |gôada; ens.

Hier word dus nou vir die eerste keer kennis gemaak met die gebruik van die voornaamwoordelike agtervoegsel (vergelyk par. 10). Let daarop dat 'n voornaamwoordelike agtervoegsel in alle gevalle VAS geskryf word aan die voorafgaande woord of woorddeel, ongeag of dit 'n lettergreep vorm of nie.

In die volgende tabelle tree die voornaamwoorde dan op saam met die selfstandige naamwoordstam "khoe-". Die voornaamwoordelike agtervoegsels is in die tabelle onderstreep. Aangesien daar in verdere paragrawe dikwels weer kennis gemaak sal word met die voornaamwoordelike agtervoegsels, is dit belangrik dat hulle vorme reeds hier deeglik bestudeer moet word.

Enkelvoud

	onderwerpvorm	voorwerpvorm
1.pers.	ti khoeta ek, die man	ti khoeta my, die man
1.pers.	ti khoeta ek, die vrou	ti khoeta my, die vrou
2.pers.	sa khoets jy, die man	sa khoetsa jou, die man
2.pers.	sa khoes jy, die vrou	sa khoesa jou, die vrou
3.pers.	i khoeb hy, die man	i khoeba hom, die man
3.pers.	i khoes sy, die vrou	i khoesa haar, die vrou

Tweevoud

1.pers.	sa khoekhom	ons twee mans	sa khoekhoma	ons twee mans
1.pers.	sa khoem	ons twee vroue ons, man en vrou	sa khoema	ons twee vroue ons, man en vrou
2.pers.	sa khoekho	julle twee mans	sa khoekho	julle twee mans
2.pers.	sa khoero	julle twee vroue julle, man en vrou	sa khoero	julle twee vroue julle, man en vrou
3.pers.	i khoekha	hulle twee mans	i khoekha	hulle twee mans
3.pers.	i khoera	hulle twee vroue hulle, man en vrou	i khoera	hulle twee vroue hulle, man en vrou

Meervoud

1.pers.	sa <u>khoege</u> ons, mans	sa <u>khoege</u> ons, mans
1.pers.	sa <u>khoese</u> ons, vroue	sa <u>khoese</u> ons, vroue
1.pers.	sa <u>khoeda</u> ons, die mense	sa <u>khoeda</u> ons, die mense
2.pers.	sa <u>khoego</u> julle, mans	sa <u>khoego</u> julle, mans
2.pers.	sa <u>khoeso</u> julle, vroue	sa <u>khoeso</u> julle, vroue
2.pers.	sa <u>khoedu</u> julle, mense	sa <u>khoedo</u> julle, mense
3.pers.	<u>î</u> <u>khoegu</u> hulle, mans	<u>î</u> <u>khoega</u> hulle, mans
3.pers.	<u>î</u> <u>khoedi</u> hulle, vroue	<u>î</u> <u>khoede</u> hulle, vroue
3.pers.	<u>î</u> <u>khoen</u> hulle, die mense	<u>î</u> <u>khoena</u> hulle, die mense

Opmerkings:

- Vir die 2de persoon enkelvoud, manlik en vroulik, kan ook die volgende vorme gebruik word: sats khoets, sas khoes, sats khoetsa en sas khoesa. D.w.s. in plaas van slegs die voornaamwoordelike stam, kan ook die volle voornaamwoord voor die selfstandige naamwoordstam optree.
Die sin: Sa khoesa ta ge go mû, het op skrif dus twee moontlike vertalings: (i) Ek het jou, die vrou gesien. (ii) Ek het jou vrou gesien.
- In die spreektaal word die voornaamwoordelike voorvoegsel ook soms weggelaat, bv. Gao-aob ge khoege go xore, i.p.v. Gao-aob ge sa khoege go xore. (Die koning het ons, mans bevry.)

Oefening

- Sa !gôada ge daiba nî â. Ons, kinders sal melk drink.
- ||Khâ||khâ-aob ge sa !gôado nî ||khâ||khâ. Die leermeester sal julle, kinders onderrig.
- Sa khoekho ta ge go *gai. Julle twee mans het ek geroep.
- Sa tarase ge nētsē ||gan-e nî sâi. Ons, vrouens sal vandag vleis kook.
- Sas tarasa ta ge ra *gai. Jou, vrou roep ek.
- ||î khoes ge ||gam-e go m^ā te. Sy, die vrou, het vir my water gegee.
- Sa aots ge ti ôaba nî ôa. Jy, die man, moet my seun soek.
- Ti Mariata ge Paula ge *nau. Ek, Maria, het Paul geslaan.
- Gao-aob ge sa khoema nē pereba nî m^ā. Die kaptein sal vir ons twee vrouens hierdie brood gee.
- Sa !gâsage ge go hui bi. Ons, broers het hom gehelp.

Par. 13. Die Welluidendheidsvorm

Die Namataal het 'n sonderlinge sinskonstruksie waarin die onderwerp tweemaal optree, eers in die vorm van 'n verkorte voornaamwoord en dan in die vorm van 'n volle voornaamwoord of 'n selfstandige naamwoord. Dié konstruksie word die welluidendheidsvorm genoem.

In paragraaf 10 het ons sinne leer ken waarin die onderwerp van die sin slegs in die vorm van 'n verkorte voornaamwoord verskyn, bv.

- Tsîb ge go ||n^âu. - En hy het gehoor.
O ta ge go m^û. - Toe het ek gesien.
||Ariⁿ ge nî sisen. - Môre sal hulle werk.

!Ase i ge nī hā. - Dit sal netnou kom.

In die welluidendheidsvorm, verskyn die onderwerp van die sin egter vir 'n tweede keer (direk na die onderwerpe) en wel in die vorm van 'n volle voornaamwoord of 'n selfstandige naamwoord, bv.

- Tsīb ge ||ība go ||nāu. - En hy het gehoor.
O ta ge tita go mū. - Toe het ek gesien.
||Arin ge khoena nī sisen. - Mōre sal die mense werk.
!Ase i ge |gōa-e nī hā. - Die kind sal netnou kom.

Let egter daarop, dat wanneer die onderwerp op hierdie manier herhaal word, dit dan in die voorwerpvorm verskyn. D.w.s. die onderwerp van die sin verskyn dus eers as 'n verkorte voornaamwoord en wel in die onderwerpvorm en daarna verskyn die onderwerp vir 'n tweede keer in die sin, en hierdie keer as 'n volle voornaamwoord of 'n selfstandige naamwoord, maar wel in die voorwerpvorm. Vgl. die sinne hierbo. Hierdie voorwerpvorm noem ons in sulke sinne egter liever die "welluidendheidsvorm van die onderwerp". Die redes hiervoor is:

- (i) Hoewel die onderwerp van die sin nou in die voorwerpvorm verskyn, is dit egter slegs die vorm wat verander het, die funksie daarvan bly egter nog onveranderd, nl. dié van die onderwerp van die sin.
(ii) Wanneer die onderwerp op hierdie wyse herhaal word, word dit gedoen om aan die sin welluidender gestalte te gee. Hierdie vorm word veral baie in die Bybel aangetref.

Voorbeelde van die welluidendheidsvorm:

1. Ob ge Jesuba ge mī ... En toe het Jesus gesê ...
2. O gu ge ||īga go mū. En toe het hulle gesien.
3. ||Aris ge ||īsa go !gū. Gister het sy gegaan.

4. Nēsis ge sasa nī hui. Nou moet jy help.
5. Tsī di ge tarade go *ū. En die vroue het geëet.
6. O khom ge sakhoma ge ||nae. En toe het ons twee gesing.
7. Tita so ge saso nī !eream. Julle moet my antwoord.
8. Tsī kha ge aokha ge hā. En die twee mans het gekom.
9. Tsēkorobe da ge sada ra sisen. Daagliks werk ons.
10. Sama ra ge |gōara go sari. Die twee meisies het ons twee besoek.

Opmerking: Hierdie vorm word egter ook soms gebruik wanneer die onderwerp van die sin beklemtoon wil word, bv. ||Aris ge ||īsa go sisen - gister het sy gewerk. Dus word hierdie vorm ook soms die "beklemtoneeringsvorm" genoem.

Woordeskat

!honkhoeb	- baas, diensheer	gore	- bid
Elob	- God	gores	- gebed
!Khūb	- Here, God	ūhā (hā-ū)	- hierheen bring (neem en kom)
ō	- sterwe	ūsī (sī-ū)	- daarheen neem (neem en gaan)
ōb	- dood (s.nw.)	ūhā	- hê, besit
!nam	- liefhê	ore	- sondig
!nammi	- liefde	ore-aob	- sondaar
*ā	- slag	oreb	- sonde
mī	- sê		
mīs	- woord		
!ao	- melk (ww.)		

Oefening

1. Ob ge Johaneba ge mī ... En toe het Johannes gesê ...

2. Tsis ge tarasa ge ||ō ... En toe het Johannes gesê ...
3. Tsēkorobeb ge Eloba ra +ūmā da. Daaglik gees God ons om te eet.
4. Nētsēs ge ||nā |gōasa daiba nī 'gū-ū. Vandag moet daardie meisie die melk wegbring.
5. ||Ari ta ge tita go sisen, Gister het ek gewerk, dus ots ge satsa nētsē nī sisen. moet jy vandag werk.
6. Eloba |gore, ob ge ||ība nī hui tsi. Bid tot God, dan sal jy jou help.
7. !Auga gu ge !gāga pirisa ge +ā. Buite het die bediendes die bok geslag.
8. |Aseb ge gao-aoba nē xū-e go mā te. Netnou het die kaptein aan my hierdie ding gegee.
9. Ti ||ore-aotab ge !Khūba ge !khō'oa. My, die sondaar het die Heer aangeneem.
10. Saora ta ge go dī, o ra ge ||ira ge !eream te. Ek het jou ouers gevra, en toe het hulle my geantwoord.
11. Aetsē gu ge sadu !ūi-aoga gomade nī lao. Oormōre sal julle herders die koeie melk.
12. ||Napa xub ge ti |hon-khoeba gomade ge ūhā. Daarvandaan af het my baas die koeie gebring.
13. Sisen, o ra ge saora +ū-e nī ūhā. Werk, dan sal jou ouers kos hē.
14. Khoena |nam, on ge khoena satsa nī |nam. Bemien die mense, dan sal die mense jou liefhē.
15. Hamo di tarade piride nī lao? Wanneer sal die vroue die bokke melk?
16. Mā|in |gōana ge !khoe? Waarheen het die kinders geloop?

Par. 14. Die eksklusiewe vorm van die voornaamwoord

Dit is 'n eienaardige en fyn aard van die Namataal, om in die eerste persoon tweevoud (ons twee) en meervoud (ons), te kan onderskei of diegene met wie 'n mens praat ook inbegrepe is in die handeling van die gesprek of nie.

Die voornaamwoorde, sakhom, sam, sage, sase en sada, word

gebruik wanneer die aangesproke persoon of persone inbegrepe is in die betrokke handeling, aldus: "Sada ge Paula go mū" beteken dat sowel die spreker as sy gesamentlike toehoorders "vir Paul gesien het".

Indien egter net 'n sekere aantal van die toehoorders vir Paul gesien het en die spreker praat met die wat nie ook vir Paul gesien het nie, dan sal hy die voornaamwoord "sada" na "sida" verander en sê: "Sida ge Paula go mū." Dit kan dan vertaal word met "Ons, en nie julle ook nie, het vir Paul gesien." Of: "Ons, met uitsondering van julle met wie ek praat, het vir Paul gesien".

Hierdie vorm van die voornaamwoord word genoem die "eksklusiewe vorm (uitsluitvorm) van die voornaamwoord."

		voornaamwoord	eksklusiewe vorm van die voornaamwoord
Manlik	tweevoud	sakhom	sikhom
	meervoud	sage	sige
Vroulik	tweevoud	sam	sim
	meervoud	sase	sise
Gemeen-slagtig	tweevoud	sam	sim
	meervoud	sada	sida

Opmerkings:

1. Die eksklusiewe vorm van die voornaamwoord tree op soortgelyke wyse saam met 'n selfstandige naamwoord op, as wat par. 12 aantoon, bv. si aoge, si khoem, si tarase, ens.

2. Die voorwerpsvorme word ook reëlmatig gevorm, bv. sikhoma, sima, ens.

Let wel: In gebed tot God word net die eksklusiewe vorm van die voornaamwoord gebruik.

Oefening

1. Si ||ore-aoda ge Satsa ra |gore. Ons, sondeers bid tot U.
2. Sige ge nî 'gû, tsî sago ge nî sisen. Ons sal gaan en julle sal werk.
3. Sida gomabats ge satsa ge 'nari. Ons os het jy gesteel.
4. Si ||khā||khā-aoge ge sadu mîsa go ||nâu. Ons, die leraars het julle woord gehoor.
5. Sikhom ge sa hâsa ge hō. Ons twee het jou merrie gevind.
6. Nē taradi ge ge ||nae, tsî sige ge ge ||nâu. Hierdie vrouens het gesing en ons het gehoor.
7. Sim ge go sisen, tsî saso ge go sari. Ons het gewerk en julle het gaan kuier.
8. Sise sao, o so ge daoba nî hō. Volg ons, dan sal julle die pad vind.
9. Sida gao-aob ge sadu gao-aoba ge hui. Ons koning het julle koning gehelp.
10. Sida in ge sa |gōado nî 'khō'oa. Ons ouers sal julle, kinders ontvang.

Par. 15. Die vokatief (aanspreekvorm)

In hierdie paragraaf maak ons weer eens kennis met die gebruik van die voornaamwoordelike agtervoegsels. (Vergelyk ook paragrawe 10 en 12).

1. In die tweevoud en in die meervoud, word die vokatief verkry deur die aanvoeging van die voorwerpvorm van die voornaamwoordelike agtervoegsel van die tweede

persoon (tweevoud of meervoud) aan een van die volgende woorde of woorddele:

(Let wel: Die klemtoon rus skerp op die voornaamwoordelike agtervoegsel).

- (a) Aan 'n selfstandige naamwoordstam, bv.

khoekhó - julle twee mans!
khoeró - julle twee vroue!
 julle, man en vrou!
khoegó - julle, mans!
khoesó - julle, vrouens!
khoedó - julle, mans en vrouens!

- (b) Aan die voornaamwoordelike voorvoegsel "sa-", bv.

sakhó - julle twee! (manlik)
saró - julle twee! (vroulik of gemeenslagtig)
sagó - julle! (manlik)
sasó - julle! (vroulik)
sadó - julle! (gemeenslagtig)

- (c) Aan die woordjie "nē" (hierdie), bv.

nēkhó - julle twee hier! (manlik)
nēró - julle twee hier! (vroulik of gemeenslagtig)
nēgó - julle hier! (manlik)
nēsó - julle hier! (vroulik)
nēdó - julle hier! (gemeenslagtig)

2. In die enkelvoud word die vokatief egter verkry deur aanvoeging van die agtervoegsels "-tse" en "-se" (i.p.v. "-tsa" en "-sa") aan die volgende woorde of woorddele:

- (a) Aan 'n selfstandige naamwoordstam, bv.

khoetsé - jy man!
khoesé - jy vrou!

(b) Aan die woordjie "nē", bv.

nētsé - jy hier! (manlik)

nēsé - jy hier! (vroulik)

Let wel: Dit is egter nie gebruiklik om "-tse" of "-se" aan die voornaamwoordelike stam (sa-) te voeg nie.

Opmerkings:

- (i) Die aanspreekvorme "nētsé" of "nēsé", verkort dikwels in die volksmond eenvoudig na "tsé" of "sé", maar mag egter nooit teenoor persone van hoër stand gebruik word nie.
- (ii) In die vertroulike aanspreekvorm, word die woordjie "ti" (my), dikwels voorgeplaas, bv.
- ti ítsé - my vader!
ti ísé - my moeder!
ti Elotsé - my God!
- (iii) Die agtervoegsels "-tsé" of "-sé" mag ook weggelaat word in die vertroulike aanspreekvorm, bv.
- ti ôa! i.p.v. ti ôasé - my kind!
Jako! i.p.v. Jakotsé - Jakob!
- (iv) In minagtende taalgebruik, word die "-e" van die agtervoegsels "-tse" of "-se" weggelaat, bv.
- !nari-aots! - jou dief!

Woordeskat

dadab	- (my) vader, pa	naob	- oom
mamas	- (my) moeder, ma	naos	- tante
khoeb	- mens, vriend	nurib	- neef (seun van broer of suster)
khoexakhoen	- vriende, bloed- verwante	nuris	- niggie (dogter van broer of suster)

Opmerkings:

1. In die plek van ||nurib (neef) en ||nuris (niggie), gebruik die Namaspreker heel dikwels kortweg somer ôab (seun) en ôas (dogter).
2. Net so word !gâsab of !gâb (broer) en !gâsas of !gâs (suster) dikwels aangewend vir verdere familieleden, bv. vir 'n niggie of 'n neef.

Oefening

1. Dadatse, ||nā taras ge go +nau Vader, daardie vrou het my geslaan!
te!
2. Nētse, ||nā xūba mā te! Jy daar, gee vir my daardie ding!
3. Saro, ||nā!í !gū! Julle twee (vrouens), gaan daarheen!
4. Ti Elotse, tita ge ra !gore tsi! My God, ek smeeek U!
5. Mā!ís ge !gū, ti mamase? Waarheen het jy gegaan, my moeder.
6. Nēdo, mapa du pirisa ní +ā? Julle daar, waar sal julle die bok slag?
7. Ti ôado, sadu ||naos ge ge hā! My kinders, julle tante het gekom!
8. +Homi-aots, nētsē ta ní hō tsi! Jou leuenaar, vandag sal ek jou kry!
9. Ti khoe, !gū, í ti !ûi-aoba ôa! My vriend, gaan en soek my wagter!
10. !Honkhoe, mapa ge ní sisen? My baas, waar moet ons werk?
11. Nēse, ||nā khoeba sao! Jy daar, volg daardie man!
12. Ana, ||nā piriba ūhā! Anna, bring daardie bok hierheen!

Par. 16. Die samevatting van verskeie naamwoorde m.b.v. die voegwoord "tsi"

1. In die onderwerpvorm:

As twee of meer naamwoorde as onderwerp van die sin optree, dan word hulle verbind m.b.v. die voegwoord "tsi", en ten slotte ook weer saamgevat met dieselfde voegwoord, waaraan dan nog die betrokke voornaamwoordelike agtervoegsel (in die tweevoud of meervoud) gevoeg word, bv.

Petrub tsi Jakobub tsikha ge go hā.	- Petrus en Jakobus het gekom.
Marias tsi Anas tsira ge ni lao.	- Maria en Anna moet melk.
Khā khā-aogu tsi !ūi-aogu tsigu ge go hui.	- Die leraars en die herders het gehelp.
Aogu tsi taradi tsin ge ni sisen.	- Die mans en die vroue sal werk.

2. In die voorwerpvorm

As twee of meer naamwoorde as voorwerp van die sin optree, dan word hulle ook verbind met die voegwoord "tsi" en ten slotte weer saamgevat met dieselfde voegwoord, waaraan dan nog die betrokke voornaamwoordelike agtervoegsel gevoeg word. MAAR, die naamwoorde verskyn egter almal in die onderwerpvorm en die voorwerpvorm tree eers na vore in die voornaamwoordelike agtervoegsel.

Die voorwerpvorm word dus verplaas of verskuif. Hierdie neiging in Nama tot verplasing of verskuiwing van die voorwerpvorm word nog elders ook aangetref.

Tita ge gomagu tsi gomadi tsi !goan tsina ge ōa.	- Ek het osse, koeie en kleinvee gesoek.
Petrub tsi Jakob tsi Janni tsiga ta ge go mū.	- Ek het Petrus, Jakob en Jan gesien.

||ib ge !gōadi tsi taradi tside go #gai.

Petrub ge gūn tsi pirin tsina ge ūhā.

||is ge Marias tsi Anas tsira go #ūmā.

- Hy het die dogters en die vroue geroep.

- Petrus het die skape en die bokke gebring.

- Sy het vir Maria en Anna kos gegee.

Let wel

Waar ons in Afrikaans 'n komma tussen naamwoorde plaas wanneer meer as twee naas mekaar in 'n sin te staan kom, is dit in Nama egter nie gebruiklik nie. Die voegwoord "tsi" word tussen elke naamwoord geplaas, bv.

Anas tsi Marias tsi Pauli tsi Janni tsin ge ni !gū. - Anna, Maria, Paul en Jan sal gaan.

Par. 17. Besitaanduiding

A. Die voornaamwoord in besitaanduiding

Die volledige vorm van die voornaamwoord kan in besitaanduiding gebruik word, deur dit eenvoudig direk voor die betrokke selfstandige naamwoord te plaas, bv.

<u>onderwerpvorm</u>	<u>voorwerpvorm</u>	<u>Afrikaans</u>
sada haib	sada haiba	ons stok
ib haib	ib haiba	sy stok
sam haib	sam haiba	ons twee se stok
saro haib	saro haiba	julle twee se stok
sadu haib	sadu haiba	julle stok
in haib	in haiba	hulle stok

Slegs in die geval van die 1ste en 2de persoon enkelvoud, tree die voornaamwoordstam op sonder voornaamwoordelike agtervoegsel:

<u>onderwerpvorm</u>	<u>voorwerpvorm</u>	<u>Afrikaans</u>
ti haib	ti haiba	my stok (i.p.v. tita haib)
sa haib	sa haiba	jou stok (i.p.v. sats haib)
sa haib	sa haiba	jou stok (i.p.v. sas haib)

Woordeskat

danas	- kop	dans	- oorwinning
!ommi	- hand	!gāsa	- arm (byvoeglike nw.)
*ais	- voet	nāma	- vermaan
soros	- lyf	nāmas	- vermaning
tsû	- seer word	!asa	- nuut
tsûb	- smart, pyn	*hōa	- berig, meld, bekend maak, vertel
ana	- toemaak met kledingstuk	!nae	- gebeur, gebore word
tura	- begeer	khāti	- ook
turab	- begeerte	khawa	- weer
dan	- oorwin, seëvier		

Oefening 1

- | | |
|---------------------------------------|------------------------------------------|
| 1. Sada !gāsab ge ge ō. | Ons broer het gesterwe. |
| 2. Sa turabas ge nī dan. | Jy moet jou begeerte oorwin. |
| 3. Sadu !goredi ge nī hui da. | Julle gebede sal ons help. |
| 4. Hamon !gōana in *aide nī ā? | Wanneer sal die kinders hulle voete was? |
| 5. Nēro, ana saro !asa sarana! | Julle twee, trek julle nuwe klere aan! |
| 6. Sa khā khā-aob ge go nāma si. | Jou leraar het jou vermaan. |

- | | |
|--------------------------------------------------------|------------------------------------------------|
| 7. Ti taras ge gāsa khoena khawa nī sari. | My vrou sal die arm mense weer besoek. |
| 8. !b dadab ge nī sisen tsi !b mamas ge nī sari. | Sy vader sal werk en sy moeder sal gaan kuier. |
| 9. Sago taradi ge sige sarana nī ā. | Julle vrouens moet ons klere was. |
| 10. Sikhom !ūi-aob ge khāti sadu goman tsina ge !ūi. | Ons herder het ook julle beste opgepas. |

B. Die besitaanduidende woordjie "di"

By die gebruik van die woordjie "di" om besit aan te dui, is die volgende twee konstruksies moontlik:

- (i) Eers tree die besitter op, dan die woordjie "di" en dan die besitting, bv.

<u>onderwerpvorm</u>	<u>voorwerpvorm</u>	<u>Afrikaans</u>
----------------------	---------------------	------------------

Sauli di taras	Sauli di tara-	Saul se vrou
	sa	

khoeb di hāb	khoeb di hāba	die man se perd
Elob di Mīs	Elob di Mīsa	God se Woord
khoen di omgu	khoen di omga	die mense se huise
!gāb di pirin	!gāb di pirina	die kneg se bokke

Die woordjie "di" mag egter ook in hierdie konstruksie uitgelaat word. Dus is dit ook korrek om te sê "Elob Mīs", "khoen hāb", ens.

- (ii) Die besitting tree eerste op, dan die besitter en dan die woordjie "di" waaraan die voornaamwoordelike agtervoegsel van die besitting gevoeg word, bv.

<u>onderwerpvorm</u>	<u>voorwerpvorm</u>	<u>Afrikaans</u>
----------------------	---------------------	------------------

taras Sauli dis	taras Sauli di-	die vrou van Saul
	sa	
hāb khoeb dib	hāb khoeb diba	die perd van die man
Mīs Elob dis	Mīs Elob disa	die Woord van God

omgu khoen digu	omgu khoen diga	die huise van die mense
pirin !gāb din	pirin !gāb dina	die bokke van die kneg

Let daarop dat die voorwerpvorm hier eers na vore tree in die voornaamwoordelike agtervoegsel. Ons het dus weer eens te doen met 'n verplaasde voorwerpvorm. (Vgl. par. 16)

Oefening 2

Opmerking: Die volgende vier sinsvoorbeelde wys op water verskillende maniere dieselfde sin in Nama gevorm kan word, sonder dat die betekenis verander. In die algemeen word die sin begin met die woord wat min of meer die klem bevat.

- Gao-aob di ôaga da ge ge mû.
!Gôagu gao-aob diga da ge ge mû. Ons het die seuns
Sada ge gao-aob di ôaga ge mû. van die koning
Sada ge gao-aob di ôaga ge mû. gesien.
- Tita ge khoegu di haiba sado
nî mā.
Tita ge khoegu di haiba nî
mā du. Ek sal vir julle die
Khoegu di haiba ta ge nî mā stok van die mans
du. gee.
- Jakob ge nētsē Marias di #ûna
go !nari.
Jakob ge nētsē #ûn Marias dina
go !nari.
Nētsēb ge Jakoba Marias di Jakob het Maria se
#ûna go !nari. kos vandag gesteel.

Marias di #ûnab ge Jakoba
nētsē go !nari.

- Tsēkorobeb ge ||îna Elob Misa
ra ||khā||khā.

Tsēkorobeb ge ||îna Mīs Elob
disa ra ||khā||khā.

Elob di misab ge tsēkorobe
ra ||khā||khā in.

||îb ge Elob di mīsa tsēkorobe
||îna ra ||khā||khā.

- Saob di mīsa ||nāu, ti ôa!

- Ti ôan di sarana ta ge |gāsa
taras di ôana nî mā.

- Petrub ge ||îb dadab di haiba
go ū tsīb ge !nari-aoba go
#nau.

- Nē khoeb di !ommi ge ra tsû.

- !Nari-aob ge ti aob di xawan
tsī saran tsī #ûxūn tsīna go
!nari.

- Dawitse, hamots sa ôab di
||oreba nî ||khara?

C. Die voornaamwoord en die besitaanduidende woordjie "di" tree saam op

Wanneer die voornaamwoord tesame met die woordjie "di" gebruik word, is die volgende konstruksies moontlik:

(i) Eers tree die voornaamwoord op, dan die woordjie "di" en dan die besitting, bv.

<u>onderwerpvorm</u>	<u>voorwerpvorm</u>	<u>Afrikaans</u>
ti di haib	ti di haiba	my stok
sa di haib	sa di haiba	jou stok

Daagliks leer hy hul-
le God's Woord.

Luister na die woord
van jou vader, my seun!

Ek sal my kinders se
klere vir die arm
vrou se kinders gee.

Petrus het sy vader
se kiere geneem en
die dief geslaan.

Hierdie man se hand
is seer.

Die dief het my vader
se skottels, klere
en eetgerei gesteel.

Dawid, wanneer sal
jy die sonde van jou
seun straf?

ib di haib	ib di haiba	sy stok
sam di haib	sam di haiba	ons twee se stok
sadu di haib	sadu di haiba	julle stok
in di haib	in di haiba	hulle stok

(ii) Die besitting tree eerste op, dan die voornaamwoord en dan die woordjie "di" waaraan die voornaamwoordelike agtervoegsel van die besitting gevoeg word, bv.

<u>onderwerpvorm</u>	<u>voorwerpvorm</u>	<u>Afrikaans</u>
haib ti dib	haib ti diba	my stok
haib sa dib	haib sa diba	jou stok
haib ib dib	haib ib diba	sy stok
haib sam dib	haib sam diba	ons twee se stok
haib sadu dib	haib sadu diba	julle stok
haib in dib	haib in diba	hulle stok

Let weer eens op die verplasing van die voorwerpvorm.

(iii) Die voornaamwoord tree eerste op en dan die woordjie "di" waaraan die voornaamwoordelike agtervoegsel van die besitting gevoeg word, terwyl die besitting verswyg word, bv.

<u>onderwerpvorm</u>	<u>voorwerpvorm</u>	<u>Afrikaans</u>
ti dib	ti diba	myne
sa dib	sa diba	joune
ib dib	ib diba	syne
sada digu	sada diga	ons s'n
idi din	idi dina	hulle s'n
is digu	is diga	hare

By die eerste en tweede persoon enkelvoud, word soms somer kortweg "tib" (i.p.v. ti dib) en "sab" (i.p.v. sa dib) gebruik, ook "tiba" (i.p.v. ti diba) en "saba" (i.p.v. sa diba).

Oefening 3

- | | |
|-----------------------------------------------------------------|---------------------------------------------------------------------|
| 1. Nē khoeb ge ti ôaga go +nau, o ta ge tita ib diga nī +nau. | Hierdie man het my seuns geslaan, dus sal ek syne slaan. |
| 2. Aogu ge igu di marina ge ū tsī tarade idi dina. | Die mans het hulle geld geneem en die vroue hulle s'n. |
| 3. Sige ge sige gomana ge ama, sago ge sago dina ge !nari. | Ons het ons beeste gekoop, julle het julle s'n gesteel. |
| 4. Gao-aob ge !gāsab sada diba go nāma. | Die kaptein het ons broer vermaan. |
| 5. Aokha ge ikha tarara go sī, o ta ge ti disa khāti go sī. | Die twee mans het hulle vroue gestuur, dus het ek myne ook gestuur. |
| 6. Ti ôadi ge sa dide nī sari. | My dogters sal joune besoek. |
| 7. Gao-aob sadu dib ge sida diba ge sari. | Julle kaptein het ons s'n besoek. |
| 8. !Gôadi ge xawan idi dina ge ā tsī !gôaga igu dina. | Die dogters het hulle skottels gewas en die seuns hulle s'n. |
| 9. Sa !gāsab di !gāb ge ti ib di pirira ge !gam. | Jou broer se kneg het my vader se twee bokke doodgemaak. |
| 10. !Gās sa dis ge go hā tsī !gās ti disa go hui. | Jou diensmeisie het gekom en my diensmeisie gehelp. |

Die besitaanduidende partikel "â"

Die partikel "â" verbind met die voornaamwoordelike agtervoegsel om 'n besittlike voornaamwoord te vorm wat ná die selfstandige naamwoord verskyn, bv.

<u>onderwerpvorm</u>	<u>voorwerpvorm</u>	<u>Afrikaans</u>
taras âts	taras âtsa	jou vrou
aob âs	aob âsa	haar man
marin âkhom	marin âkhoma	ons twee se geld
oren âda	oren âda	ons sondes
omgu âgu	omgu âga	hulle huise

!gôan ân	!gôan âna	hulle kinders
xûn âdu	xûn âdo	julle sake
saran âro	saran âro	julle twee se klere

Wanneer die eerste persoon enkelvoud (ek) as besitter optree, kry ons egter 'n uitsondering op hierdie reël, omdat nie alleen die voornaamwoordelike agtervoegsel "-ta" aan die partikel "â" gevoeg word nie, maar ook nog die voornaamwoordelike agtervoegsel van die besitting self, d.w.s. "my vrou" sal nie vertaal word met "taras âta" nie, maar wel met "taras âtas".

Verdere voorbeelde:

<u>onderwerpvorm</u>	<u>voorwerpvorm</u>	<u>Afrikaans</u>
aob âtab	aob âtaba	my man
taras âtas	taras âtasa	my vrou
!gôa-i âta-i	!gôa-i âta-e	my kind
aokha âtakha	aokha âtakha	my twee mans
tarara âtara	tarara âtara	my twee vroue
!gôara âtara	!gôara âtara	my twee kinders
aogu âtagu	âogu âtaga	my mans
taradi âtadi	taradi âtade	my vroue
!gôan âtan	!gôan âtana	my kinders

Let weer eens op die verplasing van die voorwerpvorm. Die voorwerpvorm tree, soos in die vorige gevalle, eers op in die voornaamwoordelike agtervoegsel.

Oefening 4

1. Tita ge !omkha âtakha ra Ek was my hande. ||â.
2. Aob ge goman âba ge ||amaxû. Die man het sy beste verkoop.
3. !Goredi âdu ge nî hui te. Julle gebede sal my help.

4. Khoen ge marin âna ge hõ. Die mense het hulle geld gekry.
5. !Gôan âdu ge gôas âtasa go û. Julle kinders het my mes geneem.
6. ||Arib ge gao-aob !gôab âro go ||khara. Gister het die kaptein julle seun gestraf.
7. Nêtsē i ge !gôa-i âta-e go bē. Vandag het my kind weggegaan.
8. Hamo ge hān âge nî ||amaxû? Wanneer sal ons ons perde verkoop?
9. Mapa du xawas âtasa go hõ? Waar het julle my skottel gevind?
10. Elob ge !goredi âkhoma nî God sal ons gebede verhoor. ||nāu.

Par. 18. Die applikatief

Die agtervoegsel "-ba" word aan 'n werkwoord gevoeg om aan te dui dat die betrokke handeling vir iemand, namens iemand, of in iemand se voordeel geskied, bv.

Miba te!	- Sê vir my!
Nā!i !gûba te!	- Gaan namens my daarheen!
!sa +gaiba te!	- Roep haar vir my!
Gao-aoba ta ge ra sisenba.	- Ek werk vir die kaptein.

Hierdie agtervoegsel word die applikatiewe agtervoegsel genoem.

!hoa	- vertel	!khae	- skenk, seën
+hōa	- bekend maak	kaise	- baie
xoa	- skryf	!haese	- vinnig
khau	- aansteek	arib	- hond
sāu	- bewaar, bêre	!khaes	- saak
+khanis	- boek		

Oefening

1. Tita ge ra miba tsi. Ek sê vir jou.

2. Sa khoeba nē !khaesa
!hoaba, ti ôa!
Vertel jou vriend hierdie
saak, my seun!
3. Ti ||khā||khā-aota ge sakho
ge mība.
Ek, die leraar het vir
julle twee gesê.
4. Ti ôase, nē xū-e ta nī
!khaeba si.
My dogter, hierdie ding
sal ek namens jou skenk.
5. Nētse, ||nā ariba #nauba
te!
Jy, slaan vir my daardie
hond!
6. !Gû, î !gôasa sarana ||ama-
ba!
Gaan en koop vir die
meisie klere!
7. !Khūba ||naeba, ti khoexa-
khoedo!
Sing vir die Here, my
vriende!
8. Nē !gôab di is ge ti
mamasa sarana ge ||āba.
Hierdie seun se moeder
het vir my moeder klere
gewas.
9. Nēso, !haese sīsenaoğa
#ūna sāiba!
Julle daar, kook vinnig
kos vir die werkers!
10. Ti dadab ge #khanisa go
xoaba te.
My vader het vir my 'n
brief geskryf.
11. Hamots !gôan nē aob dina
nē !khaesa ge !hoaba?
Wanneer het jy vir die
kinders van hierdie man
hierdie saak vertel?
12. Nētse ta ge sa !honkhoeba
nē gôasa go !khae.
Vandag het ek jou baas
hierdie mes geskenk.
13. Nē xūna ūsī, î gao-aoba
kaise tawedeba te.
Bring hierdie dinge weg
en groet die kaptein
hartlik namens my.
14. Sats ge ti ôaba nē
#khanisa nī sāuba.
Jy moet vir my seun hier-
die brief bewaar.
15. Nē !khaesa xoaba si!
Skryf aan haar hierdie
sake!
16. Arina #gaiba te!
Roep vir my die honde!

Par. 19. Die agentatief

Die ablatief staan na die vraag: deur wie? waarmee? waar-
deur?

1. Die ablatiewe agtervoegsel "-i" word aan 'n selfstan-
dige naamwoord of voornaamwoord gevoeg om aan te dui

dat die handeling deur die toedoen van die betrokke
persoon of saak geskied.

Hierdie agtervoegsel word egter slegs gebruik by die
3de persoon manlik en vroulik, enkelvoud, nl.

- a) by die voornaamwoord b) by die selfstandige
naamwoord

ibi	- deur hom	khoebi	- deur die man
isi	- deur haar	khoesi	- deur die vrou

2. In alle ander gevalle word die agentatief omskrywe deur
"voorsetsels", bv. "deur", ens., wat egter nie soos in
Afrikaans voor die naamwoord optree nie, maar wel ag-
ter die naamwoord of voornaamwoord. Hulle heet dus
agtersetsels. Die wat in aanmerking kom by die agenta-
tief is "xa" (deur) en "xu" (deur). Vgl. hieronder no.
4 oor hulle gebruik.
3. Aangesien die agentatief meestal in verband staan met
die passiefvorm van die werkwoord, word hier enkele een-
voudige reëls vooraf oor die vorming van die passief
(lydende vorm) uiteengesit:
Die passief word gevorm deur aanvoeging van die agter-
voegsel "-he" aan die werkwoord, bv.

Tita ge go #nauhe.	- Ek is geslaan.
Sats ge ra sihe.	- Jy word gestuur.
ib ge go hōhe.	- Hy is gevind.
Sas ge nī #gaihe.	- Jy sal geroep word.

4. Die agtersetsel "xa" tree saam met die onderwerpvorm
van die selfstandige naamwoord op, terwyl die agter-
setsel "xu" weer saam met die voorwerpvorm van die
selfstandige naamwoord of voornaamwoord optree.

Voorbeelde:

iba xu	- deur hom	ib xa	- deur hom
nē !khaesa xu	- deur hier- die saak	aob xa	- deur die man

5. Hoewel nie alle vorme waarby "xa" en "xu" aangewend word, suiwer ablatiewe kenmerke bevat nie, is dit raadsaam om reeds hier die belangrikste gebruiksmoontlikhede daarvan oorsigtelik saam te vat:

"xa" word gebruik:

- a) by die passief om aan te dui van wie die betrokke daad uitgaan, bv. Gao-aob xa ta ge go sihe.- Deur die kaptein is ek gestuur.
- b) by mededelings wat mens oor iemand ontvang, bv. Marias di #aesenni xa ta ge ge ||nâw. - Ek het van Maria se siekte gehoor.
- c) by aanduiding dat net 'n deel van die geheel in aanmerking kom, bv. ||Gam-i xa mā te.- Gee my van die water.

"xu" word aangewend ter aanduiding van die oorsprong, herkoms, bron, oorsaak of materiaal, bv.:

- a) Khoeba xu ta ge go ||nâw. - Ek het deur die man gehoor.
- b) Mapa xuts go hā? - Waarvandaan af het jy gekom?
- c) |Anesa xu ta ge go hā. - Ek het van Rehoboth af gekom.
- d) ||Nā tsēsa xub ge ra hui te. - Van daardie dag af help hy my.
- e) Mapa xuts go ||nâw? - Waarvandaan af hoor jy dit?
- f) Hai-e xus ge nē xawasa ge dīhe. - Van hout is hierdie skottel gemaak.

Soos reeds gemeld, regeer "xu" die voorwerpvorm. As dit na 'n bywoord van tyd optree (vgl. par. 10 vanaf "nēsi" tot "hamo") dan verander dit die bywoord in 'n selfstandige naamwoord, deur aanvoeging van die vroulike geslagsuitgang "-s" en word vervolgens in die

voorwerpvorm geplaas, bv.

nēsi	- nou	nēsisaxu	- van nou af aan
nēsara	- nou	nēsarasaxu	- van nou af aan
ari	- gister	arisa xu	- van gister af
nētsē	- vandag	nētsēsaxu	- van vandag af
hamo?	- wanneer?	hamosaxu?	- van wanneer af?

Oefening

Opmerking: Omdat die onderwerp-ge nie altyd gebruik moet word in mededelende sinne nie, sal dit voortaan weggelaat word in gevalle waar dit ontbeerlik is. Dit is egter onmoontlik om bepaalde reëls op te stel oor die behoud of weglating van die onderwerp-ge aangesien dit alleenlik die welluidendheid van die taal is wat bepaal of die onderwerp-ge gebruik of weggelaat word. Kom na weglating van die onderwerp-ge nog een of twee keer 'n "ge" in die sin voor, dan moet die student duidelik bepaal watter "ge" die tydspartikel is en watter een die verkorte voornaamwoord van die eerste persoon manlik meervoud (sage) is. In die sin: ||nā-amagab ge #nau ge - daarom het hy ons geslaan, is die eerste "ge" die tydspartikel en die tweede "ge" die verkorte voornaamwoord. In die sin: ||nā-amaga ge #nau bi - daarom het ons hom geslaan, kan die eerste "ge" net die onderwerpvorm van die verkorte voornaamwoord wees, omdat daar andersins geen onderwerp in die sin is nie. Die tweede "ge" moet dan die tydspartikel wees. Sou 'n mens in hierdie sin nog die onderwerp-ge invoeg, dan sou "ge" driekeer na mekaar volg.

1. Nē khoebi ta go !khōhe. Deur hierdie man is ek gegryp.

- Gao-aobits ge nĩ ||kharahē. Deur die kaptein moet jy gestraf word.
- Ti khoedo, sadu ge Elob xa ra ôahe, hamo du nĩ ||ĩbi hōhe? My vriende, julle word deur God gesoek, wanneer sal julle deur hom gevind word?
- Janni xas go *gaihe. Sy is deur Jan geroep.
- !Ae||gamsa xus ge *khanisa go hā. Van Windhoek af het die brief gekom.
- ||Arisa xu di ge tarade ra ||ā. Van gister af was die vroue.
- Nē *ũn ge khoen xa nĩ *ũhe. Hierdie kos sal deur die mense geëet word.
- ||ĩba xu ta ge nē !khaesa go ||nāu. Deur hom het ek hierdie saak gehoor.
- Sim omma xub ge ti aoba sa ôana ge mũ. Van ons huis (af) het my man jou kinders gesien.
- Hukasa xu ta ra mĩba tsi.. Van lankal af sê ek jou..
- Nē khoeba xu ore te, ti gao-aotse! Bevry my van hierdie mens, my kaptein!
- ||Nā ||ganni xa !gôana sãiba! Kook vir die kinders van daardie vleis!
- ||Ari kho ge nepa xu nĩ !gũ. Mōre moet julle hiervandaan gaan.
- Nē gomas di daib xas go ū. Sy het van die melk van hierdie koei geneem.
- Elobi da ge ra !namhe. Ons word deur God bemin.

Par. 20. Die agtersetsels

In Afrikaans staan die voorsetsels voor die selfstandige naamwoord of voornaamwoord. In Nama staan hulle egter almal agter die selfstandige naamwoord of voornaamwoord en daarom noem ons hulle agtersetsels.

- Die volgende agtersetsels regeer die voorwerpvorm. D.w.s. die selfstandige naamwoord of voornaamwoord wat saam met hierdie agtersetsels optree, verskyn altyd in die voorwerpvorm:

xu - deur ū - langs, al langs
!oa - na (mag egter ook saam met die onderwerpvorm optree)

- Die volgende agtersetsels regeer die onderwerpvorm:

ga - na, daarnatoe	aegu - tussen
xa - deur, van	ose - sonder
!nā - in	kōse - tot
ai - op	xō!khā - langs
tawa - by, in, na (plekbepalend)	ai!ā - voor, vooruit
!gao - onder, aan die voet van (bv. onder die berg, aan die voet van die berg, ens.)	khau!gā - na (tydbepalend)
*amai - oor (plekbepalend)	!naga - onder (plek-bepalend)
!nai - reeds, al	!oa - volgens, ooreenkomstig, na, daarnatoe
!oagu - teen, teenoor mekaar (opponerend)	!oa-ai - teenoor, in rigting van
!aroma - ter wille	!gābai - agter, na (plek-bepalend)
*ama - ter wille	!kha - met

Oefening

- Kunis !naga ta ge ti gōasa go ||gui. Ek het my mes onder die wa neergesit.
- Hais !gaots ge !gôana nĩ *ũmā. Onder die boom moet jy die kinders kos gee.
- Jakob ge tita !oa nĩ hā. Jakob moet na my toe kom.
- Nē xawana ti ommi !nā sãuba te. Bewaar vir my hierdie skottels in my huis.
- !As !oa (||ga) !gũ, i ti aoba mĩba ... Gaan na die stad en sê aan my man ...
- Nē haib !kha go ge nĩ *nau bi. Met hierdie stok moet julle hom slaan.
- Tita xō!khāb ge Petruba go !gũ. Langs my het Petrus geloop.

- | | |
|--------------------------------------------------------|----------------------------------------------------|
| 8. Nē !aena !haese kunis ai gui! | Sit hierdie brandhout vinnig op die wa! |
| 9. Tita osets ge nētsē nī sisen. | Sonder my moet jy vandag werk. |
| 10. Haidi aegum ge !goana go hō. | Tussen die bosse het ons twee die kleinvee gevind. |
| 11. Suger-e ta go ū, nē !khaes !aroma ta ge ra +nauhe. | Ek het suiker gevat, daarom word ek geslaan. |
| 12. Omni !gābai ta ge nē xū-e go hō. | Agter die huis het ek hierdie ding geving. |
| 13. Kunis ai!ā !gū, i hāna ōa. | Loop voor die wa uit en soek die perde. |
| 14. Sa mīs !oa ta nī dī. | Volgens jou woord sal ek handel (doen). |
| 15. Sadu gao-aob ge sige gao-aob !oagu toroba ge dī. | Julle kaptein het teen ons kaptein oorlog gevoer. |
| 16. Sikhom khao!gāb ge Johaneba go hā. | Na ons het Johannes gekom. |
| 17. Āxūna haidi +amai gui! | Hang die wasgoed oor die bosse! |

3. n Agtersetsel tree altyd na n selfstandige naamwoord of n voornaamwoord op. Daar is egter n paar agtersetsels wat ook na n werkwoord of n tydspartikel kan optree. In so n geval verander dit dan die werkwoord of tydspartikel in n selfstandige naamwoord deur aanvoeging van die vroulike geslagsuitgang "-s". Hierdie agtersetsels is:

ose	- sonder	khau!gā	- na (tydbepalend)
kōse	- tot	ai!ā	- voor

Voorbeelde:

- | | |
|-----------------------------------------------------|-----------------------------------------------------|
| 1. Hui ta nīs ose du ge nī sisen. | Sonder dat ek julle sal help moet julle werk. |
| 2. Khawa ta nī hās kōse du ge nī hui bi. | Tot ek terugkom (weer kom) moet julle hom help. |
| 3. Gomaba go ge +ās khau!gā go ge khāti nē pirisa | Nadat julle die os geslag het, moet julle ook hier- |

- | | |
|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|--------------------------------------------------|
| nī +ā. | die bokooi slag. |
| 4. Tita nī +ūs ai!ā ta ge nī +gai bi. | Voordat ek eet, sal ek hom roep. |
| 5. Īb ge hās khau!gāb ge ā. | Na sy koms het hy gedrink. |
| 6. !Gore du gos ose du go +ū. | Sonder om te bid, het julle geëet. |
| 7. Is ge bēs ai!ās ge Mariasa ge tawede se. | Voordat sy weggegaan het, het Maria ons gegroet. |
| 8. Sadab nī +gais kōse da ge nī sisen. | Tot hy ons roep, moet ons werk. |
| 4. Die agtersetsel ai!ā (voor) kan ook selfstandig gebruik word (d.w.s. sonder n selfstandige naamwoord optree) en het dan n bywoordelike funksie - in uitdrukkings soos: | |
| Nēdu, ai!ā !gū! | - Julle daar, gaan vorentoe (verder weg)! |
| !Nai ta ge ai!ā ge nāu. | - Ek het dit reeds van tevore gehoor. |

Par. 21. Die byvoeglike naamwoord

Die uiters talryke byvoeglike naamwoorde verskyn of:

- sonder enige verandering voor die naamwoord
- of na die naamwoord met die voornaamwoordelike agtervoegsel van die naamwoord daaraan gevoeg.

Die voorwerpvorm tree by reël b) eers in die voornaamwoordelike agtervoegsel te voorskyn (verskuifde of verplaasde voorwerpvorm).

Opmerking:

By reël a) lê die klem meer op die byvoeglike naamwoord en by reël b) meer op die naamwoord. Tog word die gebruik dikwels na willekeur gekies.

Woordeskat

kai	- groot	isa, íxa	- mooi
*khari	- klein	!anu	- rein, heilig
!gaisa	- sterk	!urixa	- vuil, morsig
*khawusa	- swak	aeb	- tyd
kaira	- oud (net vir mense)	kurib	- jaar
*kham	- jonk	tsēs	- dag
*gui	- veel, baie	tsēb	- die (groot) feesdag
loro	- min (ook 'oud' by sake)	tsuxub	- nag
!gâi	- goed, mooi	!Hûb	- Blanke
hoa	- geheel, gans, heeltemal	!hûb	- land, aarde grond
kaise	- baie (bywoord)	!hûbaib	- wêreld
!nî	- 'n sekere, 'n ander (van <u>dieselfde</u> soort)	!hommi	- hemel
	- meerv. sommige	!hommi	- berg
!khara	- 'n sekere, 'n ander (van 'n <u>ander</u> soort)	luib	- rots
	- meerv. sommige		

- As 'n byvoeglike naamwoord die sinsgesegde vorm, bv. "die huis is groot", dan bly dit onveranderd, ook wanneer die onderwerp in die meervoud staan. Die koppelwerkwoord (wees) heet "a" (met onderwerp-ge "ge a") en dit is die teenwoordigheidsvorm van die koppelwerkwoord "i" (wees) wat ons in par. 29 beter sal leer ken. Die koppelwerkwoord "a" tree dan saam met 'n byvoeglike naamwoord op om die aard of toestand van 'n ding te beskryf, bv. Omi ge a kai. - Die huis is groot. Ongu ge a kai. - Die huise is groot. As die byvoeglike naamwoord "kai" in hierdie sin beklemtoon word en aan die begin geplaas word, verkry ons

die volgende sinsvorm wat baie populêr is in Nama:

Kai a ommi ge. - Groot is die huis.

- As 'n naamwoord die sinsgesegde vorm, dan staan dit aan die einde van die sin in die welluidendheidsvorm en die onderwerp-ge tree op as die identifiserende kopulatief (vgl. ook par. 29), bv. Nē kurib ge !gâi kuriba. - Hierdie jaar is 'n goeie jaar.

Oefening

- Nē !urixa saran ge nî ||āhe. Hierdie vuil klere moet gewas word.
- ||Ari ta ge !gaisa khoeba go mû. Gister het ek 'n sterk man gesien.
- Kai ||khā||khā-aoba tawedeba te. Groet namens my die groot leraar.
- *Gui khoegu ge !ās ai ge hā. Baie mense het op (na) die plek gekom.
- !Khara sisen-e mā te! Gee my ander werk!
- Hoa khoena mîba! Sê alle mense!
- Ti !honkhoeb ge a !gâi. My baas is goed.
- Saob ge a kaira. Jou vader is oud.
- Ti !gâsab kaib ge kaise a !gaisa. My groter (ouer) broer is baie sterk.
- Sa ôab *khami ge a ísa. Jou jonger seun is mooi.
- !Hûbaib ge kaise a kai. Die wêreld is baie groot.
- Nē !hongu ge a ísa. Hierdie berge is mooi.
- Tsuxu||aeb ge a !gâiba te. Die nagtyd is vir my aangenaam.
- !Gâi !Hûb ge. 'n Goeie blanke is dit.
- Kai !hongu ge. Groot berge is dit.
- !Gâi tsî ísa kurib ge. 'n Goeie en mooi jaar is dit.
- Gao-aob ge. Die kaptein is dit. (Dit is die kaptein.)

18. Ti !honkhoeb ge. Dit is my baas.
 19. Goman a #gui. Die beeste is baie.
 20. !Hūbaib ge kai xūba. Die wêreld is 'n groot ding.
 21. Kai tsēb ge nē tsēba. 'n Groot feesdag is hierdie dag.
 22. Nē kuri||aeb ge !gāi ||aeba. Hierdie jaargety is 'n mooi tyd.

Opmerking: Die applikatiewe agtervoegsel "-ba" kan ook aan byvoeglike naamwoorde gevoeg word, bv.
 Nē khoeb ge a !gāiba da. - Hierdie man is vir ons goed.

Par. 22. Die vorming van byvoeglike naamwoorde

Baie van die byvoeglike naamwoorde van Nama is uit selfstandige naamwoorde of werkwoorde gevorm. Die volgende vormingswyses is die mees algemene:

- Aanvoeging van die agtervoegsel "-sa" aan die werkwoordstam:

kharasa	- gestrafte	vgl. khara	- straf
#ūsa	- geëete	vgl. #û	- eet
mūsa	- sigbaar	vgl. mû	- sien
āsa	- gedrink	vgl. ā	- drink
nāusa	- gehoorde	vgl. nāu	- hoor
- Aanvoeging van die agtervoegsel "-xa" aan die werkwoordstam of selfstandige naamwoordstam:

In verbinding met die werkwoordstam, druk hierdie agtervoegsel gretigheid uit, bv.

naexa	- singlustig	vgl. nae	- sing
nāu namxa	- gehoorsaam (b.nw)	vgl. nāu nam	- gehoorsaam (ww.)
āixa	- laglustig	vgl. āi	- lag
āxa	- dranksugtig	vgl. ā	- drink

In verbinding met die selfstandige naamwoordstam, dui hierdie agtervoegsel oorvloed aan, bv.

haixa	- boomryk	vgl. hais	- boom
gamxa	- waterryk	vgl. gammi	- water
somxa	- skaduryk	vgl. sommi	- skaduwee
!homxa	- bergagtig	vgl. !hommi	- berg

Daar is ook enkele gevalle waar "-xa" in verbinding met die werkwoord "!nam" (hou van) aan werkwoordstamme gevoeg word, bv.

nāu namxa	- gehoorsaam, volgsaam	vgl. nāu	- hoor
sāu namxa	- bewaarsaam, spaarsaam	vgl. sāu	- bewaar

- Aanvoeging van die verkorte vorm van die agtersetsel 'ose', nl. "-o", aan die selfstandige naamwoordstam of werkwoordstam:

Die agtersetsel 'ose' word vertaal met 'sonder'. As hierdie agtersetsel nou verbind met 'n werkwoord of selfstandige naamwoordstam, dan verkort dit tot "o" en die woord wat so gevorm word, dui op 'n gebrek aan iets, bv.

gamo	- waterloos	vgl. gammi	- water
!namo	- liefdeloos	vgl. !nam	- liefhê
huio	- hulpeloos	vgl. hui	- help
mario	- sonder geld	vgl. marin	- geld
gūo	- vaderloos	vgl. gūb	- vader

Hierdie drie vorme is die mees algemene. Ander seldsamer vorme met '-ra' (kaira - oud), '-si' (!gōasi - kinderlik), '-re' (aore - manlik), ens. word in woordeboeke aangehaal.

Opmerking 1: Soos die aanvoeging van '-xa' en '-sa' aan 'n werkwoord dit in 'n byvoeglike naamwoord verander,

so kan deur verdubbeling van oorspronklike byvoeglike naamwoorde ook werkwoorde gevorm word, bv.:
!gâi!gâi - verbeter, kaikai - grootmaak, !anu!anu - rein maak, reinig (vgl. par. 40).

Opmerking 2: Deur aanvoeging van die geslagsuitgang kan 'n byvoeglike naamwoord in 'n selfstandige naamwoord verander word, bv.: kaib - die grote, kairab - die oue, !anub - die heilige, ||naexas - die singlustige, āxab - die drinklustige, dranksugtige, ens.

Par. 23. Trappe van vergelyking by byvoeglike naamwoorde

Trappe van vergelyking moet in Nama omskrywe word en dit geskied -

in die <u>vergelykende trap</u> deur:	in die <u>oortreffende trap</u> deur:
xa - van	hoa ... xa - van almal
*amai - oor, bo-oor	hoa ... - bo-oor almal, *amai - meer as almal
!gâ-ai - oor, meer	hoa ... - bo-oor almal, !gâ-ai - meer as almal

Wanneer 'hoa ... xa', 'hoa ... *amai' of 'hoa ... !gâ-ai' saam met 'n selfstandige naamwoord optree, dan bly dit onveranderd. Tree dit egter sonder 'n selfstandige naamwoord op, dan word die voornaamwoordelike agtervoegsel van die verswygde selfstandige naamwoord aan 'hoa' gevoeg, bv. Petrub di ommi ge hoa omgu xa a isa. - Petrus se huis is die mooiste van al die huise.

Petrub di ommi ge hoagu xa a isa. - Petrus se huis is die mooiste van almal.

Woordeskat

!hanab - tuin	gaxu/kaxu - lank
sores - son	!nuwu - kort

khâb - maan, maand	!gawi - hoog
!gamiros - ster	!gâtsi - helder
*hanu - reg, korrek	!haras - kraal, doringtak
*hanu-ai - regverdig, billik	

Oefening

1. Ti !hanab ge sa !hanab xa a isa. My tuin is van jou tuin mooi, d.w.s. My tuin is mooier as jou tuin.
2. Sores ge ||khâb tsî !gamiron tsîn xa a !gâtsi. Die son is helderder as die maan en die sterre.
3. Nē daob ge nau daob *amai a gaxu. Hierdie pad is langer as daardie pad.
4. Saob ge nau aogu *amai a *hanu-ai. Jou vader is regverdiger as daardie mans.
5. Tarare !gōan ge aoren !gâ-ai a ||naexa. Die vroulike kinders is singlustiger as die manlikes.
6. Tita ge ||nâu!namxa !gōana ||nâuo!nân !gâ-ai ra hui. Ek help die gehoorsame kinders meer as die ongehoorsames.
7. Nē khoeb ge hoan xa a kai. Hierdie man is bo almal groot, d.w.s. is groter as almal.
8. Sauli di ommi ge hoagu !ās digu xa a !gawi. Saul se huis is die hoogste van almal van die stad.
9. ||Nā !gamiros ge hoadi *amai a !gâtsi. Daardie ster is bo-oor almal helder, d.w.s. die helderste van almal.
10. Nē khoeba ta ge hoagu *amai ra !ao. Hierdie man vrees ek bo almal.
11. Hoagu !gâ-ai ta ge satsa ra !nam. Van almal het ek jou die liefste.
12. Hoa mīdi !gâ-ais ge !Khūb di Mīsa a kaiba te. Van alle woorde is die Woord van die Here vir my die grootste.
13. Sa !gāsab ge hoage xa a !nuwu. Jou broer is die kortste van ons.

14. Nē skoli di |gōan ge nau skoli din xa a +gui. Die kinders van hierdie skool is talryker as die van daardie skool.
15. Hoa xūn +amaitš ge Eloba nī |nam! Jy moet God bo alle dinge liefhê.
16. Franni ge hoa aogu !gā-ai ra sisen. Frans werk die meeste van alle mans.
17. Tita ge hoadu xa kaise ge +ū. Ek het die meeste van julle almal geëet.

Par. 24. Die bywoord

Bywoorde kan uit byvoeglike naamwoorde en selfstandige naamwoorde gevorm word.

1. Indien 'n byvoeglike naamwoord nie saam met 'n selfstandige naamwoord optree nie, maar wel selfstandig optree in die funksie van werkwoordskrywing, dan word die byvoeglike naamwoord deur aanvoeging van die agtervoegsel "-se" in 'n bywoord verander, bv.

<u>byvoeglike naamwoord</u>	<u>bywoord</u>
!gāi - goed	!gāise - goed
ga-ai - verstandig, slim	ga-aise - verstandig, wys
suwu - maklik	suwuse - maklik
kai - groot	kaise - groot, baie
!gom - swaar, moeilik	!gomse - swaar, moeilik
ixa - mooi	ixase - mooi

2. Op soortgelyke wyse kan 'n selfstandige naamwoord deur aanvoeging van "-se" aan sy stam 'n bywoordelike vorm aanneem. Bv. gao-aob - die koning of kaptein; gao-aose - koninklik, soos 'n koning of kaptein, as koning of kaptein. Hierdie bywoordelike vorm het ontstaan uit die gebruik van die woord 'axase' wat voortdurend verkort is, nl.

axase, xase, se - as, soos, dieselfde. Wanneer besondere nadruk van die 'soos' verlang word, kan die volter vorme gebruik word en dan behou die selfstandige naamwoord sy geslagsuitgang, bv.

Gao-aose ta go mū bi.

As kaptein het ek hom gesien (onduidelik wie kaptein was).

(Gao-aob xase ta go mū bi.)

Gao-aob axase ta go mū bi.

As kaptein het ek hom gesien (d.w.s. toe hy kaptein was).

Gao-aob ase ta go mū bi.

Oefening

1. Nē khoebge !gāise ra sisen. Hierdie man werk goed.
!Gāiseb ge nē khoeba ra sisen.
2. !Gomse ta ra tani. Ek dra swaar.
3. Ga-aiseb go !eream te. Verstandig het hy my geantwoord.
4. Nētsē du ge nī kaise sisen. Vandag moet julle baie werk.
5. +Hanusets ta (i.p.v. ra, par. 6) mī. Korrek, reg sê jy.
6. Nē ga-ai |gōab ge suwuse nau |gōana ge ||khā||khā. Hierdie slim seun het daardie kinders maklik onderrig.
7. |Gōagu axase ta ge ge mū gu. As seuns het ek hulle gesien (d.w.s. toe hulle nog seuns was).
8. |Gōase ta ge mū si. As kind het ek haar gesien.
9. ||Ore-aose ta ge ra ||ō. As sondaar sterf ek.
10. ||Ore-aota aseb ge Eloba ge !khō!oa te. As sondaar het God my aangeneem.
11. !Ūi-aose ta ge gūna nī !ūi. As herder moet ek die skape laat wei.
12. !Gāi !ūi-aota axase go ge nī mū te. As 'n goeie herder sal hulle my sien.

Par. 25. Die verkleinwoord

Verkleinwoorde word in Nama gevorm deur aanvoeging van die in- of agtervoegsel "-ro-" aan die stam van die woord.

1. By selfstandige naamwoorde, voornaamwoorde en bywoorde, verskyn "-ro-" as 'n invoegsel, bv.

!gôaron	- kindertjies	vgl. !gôan	- kinders
mîros	- woordjie	vgl. mîs	- woord
xûron	- sakies	vgl. xûn	- sake
!gôarob	- seuntjie	vgl. !gôab	- seun
îrob	- hy, die kleintjie	vgl. îb	- hy
îron	- hulle, die kleintjies	vgl. în	- hulle
!arose	- netnou, nou dadelik	vgl. !ase	- netnou, binnekort
kairose	- bietjie baie	vgl. kaise	- baie

2. By werkwoorde en byvoeglike naamwoorde verskyn "-ro-" as 'n agtervoegsel, bv.

namro	- wag 'n bietjie	vgl. nam	- wag
māro	- gee 'n bietjie	vgl. mā	- gee
*nauro	- slaan 'n bietjie	vgl. *nau	- slaan
naero	- sing 'n bietjie	vgl. nae	- sing
!gûro	- gaan 'n bietjie	vgl. !gû	- gaan
!gâiro	- 'n bietjie goed	vgl. !gâi	- goed
*khariro	- baie klein,	vgl. *khari	- klein
*khariroro	- nietig		
kairo	- groterig	vgl. kai	- groot

Oefening

1. Nē mariron xa ū, î sararon xa ||amaba te. Neem van die geldjies en koop vir my kleertjies.
2. !Gôarona ta ge *ûron xa ge mā. Ek het vir die kindertjies van die kossies gegee.

3. Ti xûrona ||nāpa ||guiba te. Sit vir my my goedjies daar neer.
4. Nē mîrosa ta ra xoaba tsi. Ek skryf aan jou hierdie woordjie.
5. !Ūi-aoroseb ge Daviba Goliaba ge !gam. As klein herder het Dawid vir Goliat doodgemaak.
6. ||Nā !gôaro-i di mamasa ta nē pirirona nî !khae. Ek sal aan die moeder van daardie kindjie hierdie bokkies skenk.
7. !Aroseb ge gao-aoba nî hā. Nou dadelik sal die kaptein kom.
8. Sugerron xa māro bi. Gee bietjie vir hom van die suikertjies.
9. Nē khoerob ge hairrob !kha go *nau te. Hierdie mannetjie het my met die stokkie geslaan.
10. ||Nā!i ta nî !gûro. Ek sal bietjie daarheen gaan.
11. ||Naeroba te! Sing 'n bietjie vir my!
12. Nē *khariroro xûro-e !khae te. Skenk aan my hierdie nietige dingetjie.
13. *Nauro gu! Slaan hulle 'n bietjie!
14. Nē mariron xa mā bi! Gee hom van hierdie geldjies!
15. Nētsēn ge !gôarona nî ||namro. Vandag moet die kinderjies bietjie wag.

Par. 26. Demonstratiewe

1. Die demonstratiewe wat reeds uit par. 11 aan ons bekend is, is:
nē - hierdie, ||nā - daardie, nau - doerdie.
As hulle voor 'n selfstandige naamwoord optree, bly hulle onveranderd, bv. nē khoeb, nē khoen, ||nā khoedi, nau khoegu, ens. Hoewel dit minder gebruiklik is, kan hulle ook agter die selfstandige naamwoord optree en dan word die voornaamwoordelike agtervoegsel van die selfstandige naamwoord aan die demonstratief gevoeg,

bv. khoeb nēb, khoen ||nān, khoegu naugu, ens.

Staan die selfstandige naamwoord in die voorwerpvorm, dan neem slegs die demonstratief wat agter die selfstandige naamwoord staan die voorwerpvorm aan, bv. Tita ge khoegu ||nāga ge mû.- Ek het daardie mense gesien.

As die selfstandige naamwoord deur verwysing veronderstel word, tree die demonstratiewe in naamwoordelike funksie op, bv. nēb (i.p.v. nē khoeb), ||nās (i.p.v. ||nā taras), naun (i.p.v. nau khoen), ens.

2. Die demonstratiewe nēti, ||nāti en nauti is samestellings wat bestaan uit die oorspronklike demonstratiewe nē, ||nā en nau en die woordjie 'ti' wat vertaal word met 'so'.

Nēti, ||nāti en nauti tree altyd saam met die werkwoord ī (lyk) op, bv.

nēti ī khoeb - hierdie so lyk man, d.w.s. so n man (soos hierdie)

||nāti ī taras - daardie so lyk vrou, d.w.s. so n vrou (soos daardie)

nauti ī |gōan - doerdie so lyk kinders, d.w.s. sulke kinders (soos doerdies).

Hierdie demonstratiewe kan ook na die selfstandige naamwoord optree, bv. khoeb nēti Ib, khoen ||nāti In, khoes nauti Is, ens.

Hulle kan ook in naamwoordelike funksie optree, bv. nēti Ib, ||nāti Is, nauti Ib, ens.

3. Die volgende byvoeglike naamwoorde kan ook voor of agter die selfstandige naamwoord of in naamwoordelike funksie optree:

lnī - n sekere, n ander (van dieselfde soort), meerv. sommige

lkhara - n sekere, n ander (van n ander soort), meerv. sommige

||khā - dieselfde (word ook soms verdubbel, bv. ||khā khoes ||khās - dieselfde vrou).

4. Die volgende twee byvoeglike naamwoorde tree altyd agter die selfstandige naamwoord of voornaamwoord op:
#hani - self, bv. aob #hanib (die man self), tita #hanita (ek self)
#û - self, bv. taras #ûs (die vrou self), ||in #ûn (hulle self)
5. "Aitsama" (self) tree soos n selfstandige naamwoord saam met die voornaamwoord op (vgl. par. 12) bv.
ti aitsamata - ek self, sa aitsamats - jy self,
||i aitsamab - hy self, sa aitsamada - ons self, ens.
Dit kan egter ook selfstandig optree, bv.
Aitsama ta nī sī (ook: tita aitsama ge nī sī). - Ek self sal gaan.
Aitsama |gōaba #nau! - Slaan self die seun!
6. Met "hoa" (ieder, elke) word die volgende uitdrukkings gevorm:
tarita-i hoa-i - watter een ookal, iedereen, elkeen, enigeen.
mā khoe-i hoa-i - watter mens ookal, iedereen, elkeen, enigeen
mā xū-i hoa-i - watter ding ookal, elke ding, elke "Tari" (wie) en "mā" (watter) is vraagwoorde (vgl. par. 27).
"Tarita" is ook n vraagwoord en het dieselfde betekenis as "tari", maar tree altyd saam met "hoa" op om bg. uitdrukkings te vorm.
Die "-i" wat aan "tarita" en "hoa" gevoeg word, is die voornaamwoordelike agtervoegsel van die derde persoon enkelvoud, onsydig.

Oefening

1. Nēgu ge nēsisa nī #û, naugu ge nī sisen.

Hierdie mans moet nou eet, daardies moet werk.

- | | |
|--------------------------------------------------------|------------------------------------------------------------------|
| 2. Khoeb nāb ge kaise ge ore. | Daardie man het baie gesondig. |
| 3. Nau !hūb di khoen ge gao-aob āna ra 'ao. | Die mense van doerdie land vrees hulle kaptein. |
| 4. Sauli ge aitsama Ae gams tawa nī sī. | Saul sal self Windhoek toe gaan. |
| 5. ī aitsamagu ge gōaba nī *nau. | Hulle self moet die seun slaan. |
| 6. Sats *ūtsa ta ra ōa. | Jou self soek ek. |
| 7. Aitsama du ge sadu xūna nī !ūi. | Julle moet julle goed self oppas. |
| 8. Aogu khāgu ge nētsē khawa go hā. | Dieselfde mans het vandag weer gekom. |
| 9. ī aitsamas go mū bi. | Sy self het hom gesien. |
| 10. Nēti ī ore-aon ge Elobi nī kharaha. | Sulke sondaars sal deur God gestraf word. |
| 11. Nē !gās ge kaise ra !nari, o ta ge kharasa nī ōa. | Hierdie diensmeisie steel so baie, dus sal ek 'n ander een soek. |
| 12. Goman ge a *gui, nā-amaga !nī !ūi-ao-e ōaba te. | Die beste is talryk, soek daarom vir my (nog) 'n ander herder. |
| 13. Arin ge !nī khoena tita !oa go hā. | Gister het sommige mense na my toe gekom. |
| 14. Aitsamats ge nē tsēsa xu Karli ōana nī khā khā. | Jy moet van hierdie dag af Karel se kinders self onderriig. |
| 15. ī aitsaman ge nā *khanisa ge xoa. | Hulle self het daardie brief geskryf. |
| 16. Tarita-i hoa-i ge gao-aob di mīsa nī nāu nam. | Elkeen moet die woord van die kaptein gehoorsaam. |
| 17. Mā khoe-i hoa-e ta ge nīra dī. | Ek sal elkeen vra. |
| 18. Mā khāb hoab !nāts ge sa marina nī hō. | In elke maand (maandeliks) sal jy jou geld kry. |

Par. 27. Die vraagwoord

1. Tari? - wie? Vra na persone en verbind met die voor-

- | | | |
|--------------------------|----------------------|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| | | naamwoordelike agtervoegsels, bv. tarib? taris? tari-i? |
| | | Voorwerpvorm: tariba? tarisa? tari-e? |
| 2. Ham? | - wie? | <u>Vra na persone</u> en verbind ook met die voornaamwoordelike agtervoegsels, bv. hami? hams? ham-i? |
| | | Voorwerpvorm: hama? hamsa? ham-e? |
| 3. Mā | - watter? | <u>Vra na persone en sake</u> en verbind ook met die voornaamwoordelike agtervoegsels wanneer dit selfstandig optree, bv. māb? mās? mā-i? |
| | | Voorwerpvorm: māba? māsa? mā-e? |
| 4. Tare? | - wat? | <u>Vra na dinge</u> en tree gevolglik dikwels saam met "xū-i" of "xū-e" op, bv. tare xū-i? - watter ding? |
| | - watter? | Voorwerpvorm: tare xū-e? - watter ding? of tare-e? - wat? |
| 5. Tarebe? | - wat vir 'n (ding)? | <u>Vra na toestand of aard van sake of persone</u> en verbind nie met die voornaamwoordelike agtervoegsels nie, aangesien dit nie selfstandig kan optree nie. "Tarebe" moet dus altyd saam met 'n selfstandige naamwoord optree. |
| | - watse? | |
| 6. Ander vraagwoorde is: | | mapa? - waarheen? hamo? - wanneer? mati? - hoe? matikō - hoeveel? hoe groot? (kom van mati - hoe en kō - sien) hamtikō? - hoeveel? tarexa? - waarom? |

- A. Wanneer die vraagwoorde nie selfstandig optree nie, maar tesame met 'n selfstandige naamwoord, dan bly hulle, soos die byvoeglike naamwoorde wat voor geplaas word, onveranderd, bv. *mâ khoena? tare xū-e? tarebe khoeba?* ens.
- B. In die direkte vraagsin verskyn die selfstandige naamwoord wat saam met die vraagwoord optree, altyd in die voorwerpvorm. Of as die vraagwoord selfstandig optree, dan verskyn die voornaamwoordelike agtervoegsel wat aan die vraagwoord gevoeg word in die voorwerpvorm, bv.

<i>Mâ khoeba go mî?</i>	- Watter man het gesê?
<i>Tariba go mî?</i>	- Wie het gesê? (die spreker was vermoedelik manlik)
<i>Tarisa go mî?</i>	- Wie het gesê? (die spreker was vermoedelik vroulik)
<i>Tari-e go mî?</i>	- Wie het gesê? (die geslag van die spreker is onbekend)
<i>Tare xū-e go !nae?</i>	- Wat het gebeur?
<i>Tare-e go !nae?</i>	- Wat het gebeur?
<i>Tari-e?</i>	- Wie is dit?
<i>Tare-e?</i>	- Wat is dit?

Onthou: Die onderwerp-ge mag nooit in 'n vraagsin verskyn nie.

- C. In die indirekte vraagsin verskyn die vraende selfstandige naamwoord of die vraagwoord (indien dit selfstandig optree) altyd in die onderwerpvorm en "!'khaesa" of "!'khae-e" (dat) kom altyd aan die einde van die sin voor, bv.
- ||b go dî, tarib go mî !khae-e.* - Hy het gevra wie (dit) gesê het.
- Mîba te, matikō gomanab go saoba ||ama !khaesa.* - Sê vir my hoeveel beeste het jou vader gekoop.

"!'khaesa" dikwels word verkort na "-sa" wat dan aan die laaste woord in die sin gevoeg word, bv.

Tita go ||nâu-mâ khoegu go mîsa. - Ek het gehoor wie (dit) gesê het.

Die student moenie die woord "mîsa" in hierdie sin verwar met die bekende voorwerpvorm van "mîs" (woord) nie. Die indirekte vraagsin se inleidende vraagwoord "mâ" dui daarop dat "!'khaesa" onvoorwaardelik aan die einde van die sin in sy volledige of verkorte vorm moet optree; gevolglik kan "mî" aan die einde van die sin net 'n werkwoord wees. Vir "!'khae-e" bestaan daar egter geen verkorte vorm nie.

Woordeskat

<i>matikōse</i>	- hoeveel (bw.)	<i>om</i>	- bou
<i>nētikōse</i>	- soveel (bw.)	<i> om</i>	- slaap
<i> nātikōse</i>	- soveel (bw.)	<i>lawi</i>	- reën (ww.)
<i> aixa</i>	- toornig	<i>lawib</i>	- reën (s.nw.)
<i> aib</i>	- toorn	<i>sâ</i>	- rus (ww.)
<i>kuru</i>	- werskaf, bou, vervaardig	<i>sâb</i>	- rus (s.nw.)
		<i>sâtsēb</i>	- rusdag (Sondag)
<i>*khawa</i>	- sleg	<i>khôa</i>	- breek, verbreek
<i>*kawasib</i>	- slegtheid	<i>lû</i>	- ophou, versuim
<i> nâ</i>	- val	<i>lûba</i>	- vergewe
<i>khâi</i>	- opstaan	<i>lûbas</i>	- vergifnis
<i>ŭkhâi</i>	- optel	<i>Īse</i>	- of
<i>kha</i>	- dan (in vraag)		
<i>xare</i>	- dan		

"Kha" en "xare" word in direkte vraagsinne gebruik ter verlewending van die vraag.

Uitdrukkings:

mati Ī? - hoe lyk dit? hoe staan sake? hoe is

- dit gesteld? (kom van:
mati = hoe en ī = lyk)
- tarexū-e !aroma? - waarom? ter wille waarvan?
(kom van: tare = watter,
xū-e = ding en !aroma =
daarom)
- tae-e !aroma? - waarom? ter wille waarvan?
(hierdie is bloot 'n ver-
korting van bg. vorm)

Oefening 1. Direkte vraagsinne

1. Tariba? Wie is hy?
2. Tarisa? Wie is sy?
3. Tari-e? Ham-e? Wie is daar? (as bv. aan
die deur geklop word)
4. Taritsa? Hamtsa? Tarisa? Hamsa? - Wie is jy?
5. Tarigo? Tarido? Tariso? - Wie is julle?
6. Tari-e go hā? Ham-e go hā? - Wie het gekom?
7. Ham-e go mī? Tari-e go mī? - Wie het (dit) gesê?
8. Mā khoeba ge #nauhe? - Watter man is geslaan?
9. Tari-i kunisa du ge mū? - Wie se wa het julle gesien?
10. Tare-ets go ū? - Wat het jy geneem?
11. Tari-e nē sī#khanisa nī xoa? - Wie moet hierdie brief skryf?
12. Tare-e ta nī dī? - Wat moet ek doen?
13. Mā xū-ets kha ra !ao? - Wat vrees jy dan? (kha - dan)
14. Tare xū-ets ta !ao? - Wat vrees jy? (ta i.p.v. ra)
15. Tare-ets ta !ao? - Wat vrees jy?
16. Tarebe xūna du ge !ama? - Watse dinge het julle gekoop?
17. Tarebe khoeba nēba? - Wat vir 'n mens is hierdie?

18. Mā ||aeb aib ge !awiba ||nā? Watter tyd het die reën geval?
19. Mā kunisa ge hā? Watter wa het gekom?
20. Ham-e go #gai du? Wie het julle geroep?
21. Tari-i di xūna nēna? Wie se goed is hierdie?
22. Tare-e kho ge ||nāu? Wat het julle twee gehoor?
23. Ham-e omma nī kuruba tsi? Wie sal vir jou die huis bou?
24. Ham-i di xūna nēna? Wie se goed is hierdie?
25. Mati ta nī mī? Hoe moet ek sê?
26. Hamos xare nī hā tsī #ūna sāi? Wanneer sal jy dan kom en die ete kook?
27. Matikō gomana kha? Hoeveel beeste (is dit) dan?
28. Matikōse du a #gui? Hoeveel is julle (talryk)?
29. Matikōse ta nī ||khāb !nā hō? Hoeveel sal ek in die maand kry?
30. Tarexats kha ||nātikōse a !aixa? Waarom is jy dan so kwaad?
31. #Khawats, hamots #khawasib ātsa nī !ū? Jou sleg, wanneer sal jy jou slegtheid laat staan?
32. Tare-e du tita tawa ra ōa? Wat soek julle by my?

Oefening 2. Indirekte vraagsinne

1. Mība te, matikō !gān sa !honkhoeba ra sisenba !khae-e. Sê vir my hoeveel bediendes vir jou baas werk.
2. !Gū, ī sauba dī, Iseb nī hui te !khae-e. Gaan en vra jou pa of hy my sal help.
3. Khoeb ge aitsama ge mū matikō marinats ge !khō!oasa. Die man het self gesien hoeveel geld jy ontvang het.
4. Tita go ||nāu, mā kai #khawasi-e du ge dī !khaesa. Ek het gehoor watter groot slegtheid julle gedoen het.
5. Mība khom mā sisen-e khom nī dī !khae-e. Sê vir ons twee watter werk ons moet doen.

- | | |
|-------------------------------------------------------------------------------------|-----------------------------------------------------------|
| 6. Ti ôa, #hôa te, matib sa khoexakhoeba ge ôsa. | My seun, vertel my hoe het jou vriend gesterwe. |
| 7. Mamas ge is di #khanis !nâ ra dî, Ise ta !gâise #û tsî sâ tsî ra om !khae-e. | My moeder vra in haar brief of ek goed eet, rus en slaap. |
| 8. Ti mûra #hanira !kha ta ge go mû matib haiba ge nâsa. | Ek het met my eie oë gesien hoe die boom geval het. |
| 9. Matikō !gān ta sa !hon-khoeba sisenba !khaesa mîba te. | Vertel vir my hoeveel be- diendes werk dan vir jou baas. |
| 10. Dadatse, mîba te, tari-i nî khā khā te !khae-e. | Vader, sê my wie sal my onderrig. |

Par. 28. Die koppelwerkwoord "kai" (word)

Opmerking vooraf: As die gesegde van 'n sin nie 'n werk- woord is nie maar 'n byvoeglike naamwoord of 'n self- standige naamwoord, dan word 'n koppelwerkwoord be- nodig vir die samestelling van die sin.

Die koppelwerkwoord "kai" (word) kan slegs saam met self- standige naamwoorde optree en nie ook saam met byvoeglike naamwoorde nie. Dit verskyn altyd direk na die selfstan- dige naamwoord en hierdie selfstandige naamwoord tree dan sonder sy geslagsuitgang op. Met ander woorde, in werk- likheid tree die koppelwerkwoord "kai" slegs saam met selfstandige naamwoordstamme op, bv.

- | | |
|------------------------|-------------------------|
| Tita ge ra gao-ao kai. | - Ek word koning. |
| Sats ge go gao-ao kai. | - Jy het koning geword |
| Ib ge ge gao-ao kai. | - Hy het koning geword. |
| Sada ge nî gao-ao kai. | - Ons sal konings word. |
- L.W. Die onderwerp-ge kan in hierdie sinne weggelaat word.

Aangesien die koppelwerkwoord "kai" nie saam met byvoeg- like naamwoorde kan optree nie, is dit nodig om op hierdie

stadium daarop te wys dat die Afrikaanse hulpwerkwoord "word", wanneer dit saam met byvoeglike naamwoorde optree, in Nama eenvoudig deur die tydspartikels uitgedruk word, bv.

- | | |
|-----------------------------|---------------------------------|
| Tita ge ra !anu. | - Ek word rein (Ek maak skoon). |
| Sats ge ra !anu. | - Jy word rein (Jy maak skoon). |
| Ib ge ge kai. ¹⁾ | - Hy het groot geword. |
| Sada ge nî kai. | - Ons sal groot word. |

L.W. Die onderwerp-ge kan ook in hierdie sinne weggelaat word.

Omgekeerde woordorde:

In bg. voorbeelde, waar die sin telkens met die voornaam- woord ingelei word, word die nadruk gelê op die vraag: Wie is rein? Wie het koning geword? As die nadruk daar- teenoor op hoe? of wat? geplaas wil word, dan tree die ge- segde (d.i. die selfstandige naamwoord of die byvoeglike naamwoord) aan die begin van die sin op, bv.

- | | |
|-----------------------|----------------------------|
| !Anu ta ge ra. | - Rein word ek. |
| !Anuts ge go. | - Rein het jy geword. |
| !Anus ge go. | - Rein het jy (sy) geword. |
| !Anu da ge nî (nîra). | - Rein sal ons word. |
| Gao-ao kai ta ge ra. | - Koning word ek. |
| Gao-ao kaits ge go. | - Koning het jy geword. |
| Gao-ao kai da ge nî. | - Konings sal ons word. |

Hierdie omgekeerde woordorde is ook moontlik wanneer die gesegde van die sin 'n werkwoord is (vgl. par 32) en kom in werklikheid baie meer dikwels in die spraakgebruik voor, as die meer formele en omslagtiger sin waarin die voornaam- woord eerste optree.

¹⁾ Onderskei die byvoeglike naamwoord "kai" (groot) van die koppelwerkwoord "kai" (word).

Oefening

- | | |
|-----------------------------------------------------------------------------|----------------------------------------------------------------------------------|
| 1. Ib ge ra aixa, of aixab ge ra. | Hy word kwaad, of kwaad word hy. |
| 2. Ti saran ge ge lurixa, of lurixan ge ge ti sarana. | My klere het vuil geword, of vuil geword het my klere. |
| 3. Saro ge nira kaira, of kaira ro ge nira. | Julle sal oud word, of oud sal julle word. |
| 4. Sa ôab ge go ga-ai, of ga-aib ge go gôab âtsa. | Jou seun het slim geword, of slim het jou seun geword. |
| 5. Nē honkhoeb tawats ge nī 'gā kai, of 'gā kaitš ge nī nē honkhoeb tawa. | By hierdie baas moet jy bediende word, of bediende moet jy word by hierdie baas. |
| 6. Jakob ge Labani tawa ge 'ūi-ao kai. | Jakob het by Laban veeherder geword. |
| 7. Nau kurib !nās ge ti ôas Anasa nī skol gôa kai. | In die ander jaar sal my dogter Anna 'n skoolkind word. |
| 8. Khoe kai ta go nēsi. | Ek het nou 'n man geword. |
| 9. Gôado, ga-ai khoe kai! | Kinders, word slim mense! |
| 10. Sa kai gôab ge nī haikuru-ao kai. | Jou groot (oudste) seun sal 'n timmerman word. (haib = boom, kuru = bewerk) |

Par. 29. Die koppelwerkwoorde "i" en "a" (wees)

Die koppelwerkwoorde "i" en "a" (wees) kenmerk die oombliklike toestandsvorm.

A. Die koppelwerkwoord "i":

- (i) Word gebruik vir sowel die verlede tyd (was, was gewees) as vir die toekomstige tyd (sal wees).
- (ii) Tree saam met die tydspartikels (ge, go, nī, nira) op.
- (iii) Verskyn altyd direk na die werkwoord.

B. Die koppelwerkwoord "a" :

- (i) Word slegs gebruik vir die teenwoordige tyd.
- (ii) Tree nie saam met 'n tydspartikel op nie.

(iii) Verskyn altyd direk voor die werkwoord.

Voorbeelde:

- | | |
|--------------------|----------------------|
| Tita ge a !anu. | - Ek is rein. |
| Sats ge go !anu i. | - Jy was rein. |
| Ib ge ge !anu i. | - Hy was rein. |
| Sada ge nī !anu i. | - Ons sal rein wees. |

- | | |
|----------------------|-------------------------|
| Tita ge a gao-ao. | - Ek is koning. |
| Sats ge go gao-ao i. | - Jy was koning. |
| Ib ge ge gao-ao i. | - Hy was koning. |
| Sada ge nī gao-ao i. | - Ons sal konings wees. |

Omgekeerde woordorde:

- | | |
|--------------------|------------------------|
| !Anu ta ge a. | - Rein is ek. |
| !Anuts ge go i. | - Rein was jy. |
| !Anub ge ge i. | - Rein was hy. |
| !Anu da ge nī i. | - Rein sal ons wees. |
| Gao-ao ta ge a. | - Koning is ek. |
| Gao-aots ge go i. | - Koning was jy. |
| Gao-aob ge ge i. | - Koning was hy. |
| Gao-ao da ge nī i. | - Koning sal ons wees. |

Let wel: Uit paragrawe 28 en 29 blyk dit dat die geslagsuitgang van die naamwoord wegval wanneer dit as gesegde optree in sinne waarin die koppelwerkwoorde "kai", "i" of "a" gebruik word.

Let egter op die verskil tussen die volgende twee sinsvoorbeelde:

- | | |
|----------------------|---------------------|
| 1. Tita ge a gao-ao. | - Ek is koning. |
| 2. Tita ge gao-aota. | - Ek is dié koning. |
- (a) Sin no. 1. druk net die beroep uit.

Sin no. 2. druk egter uit dat "ek" dié bepaalde koning is.

- (b) In sin no. 1. tree die koppelwerkwoord "a" op.
In sin no. 2. is daar geen koppelwerkwoord nie en die onderwerp-ge tree as die identifiserende kopula op.
- (c) In sin no. 1. tree die selfstandige naamwoord sonder sy geslagsuitgang op, m.a.w. slegs die selfstandige naamwoordstam tree op.
In sin no. 2. word die voornaamwoordelike agtervoegsel van die onderwerp aan die selfstandige naamwoordstam gevoeg (let wel: die voornaamwoordelike agtervoegsel verskyn in die voorwerpvorm).

Vergelyk ook die volgende voorbeelde:

- | | |
|------------------------|----------------------------------------------------------------------|
| Sida ge a ore-ao. | - Ons is sondaars. |
| Sida ge ore-aoda. | - Ons is dié sondaars (wat die bepaalde misdad gepleeg het). |
| Nē aogu ge a !nari-ao. | - Hierdie mans is diewe. |
| Nē aogu ge !nari-aoga. | - Hierdie mans is dié diewe (wat die bepaalde diefstal gepleeg het). |
| Sats ge a sisenao. | - Jy is 'n werker. |
| Sats ge sisenao'tsa. | - Jy is dié werker. |

In die volgende uitdrukkings val die koppelwerkwoord "a" in die teenwoordige tyd weg en die onderwerp-ge tree as 'n selfstandige kopulatief op, bv.

- | | |
|----------------|-------------------|
| Tita ge. | - Dit is ek. |
| Sats (sas) ge. | - Dit is jy. |
| Īb ge. | - Dit is hy. |
| Ti *khanis ge. | - Dit is my boek. |

- | | |
|---------------|-----------------------|
| Sa !hanab ge. | - Dit is jou tuin. |
| Sim ommi ge. | - Dit is ons huis. |
| Kunis ge. | - Dit is 'n wa. |
| Kai kunis ge. | - Dit is 'n groot wa. |

(Vergelyk ook die voorbeelde in par. 21.)

By die ander tydsvorme word die koppelwerkwoord "i" egter reëlmatig gebruik in hierdie uitdrukkings, bv.

- | | |
|---------------------|-------------------------------|
| Tita go i. | - Dit was ek. |
| Sats (sas) ge ge i. | - Dit was jy gewees. |
| Īb nī i. | - Dit sal hy wees. |
| Ti *khanis ge i. | - Dit was my boek gewees. |
| Sim ommi nī i. | - Dit sal ons huis wees. |
| Kai kunis ge i. | - Dit was 'n groot wa gewees. |

Oefening

- | | |
|------------------------------------------------------|-----------------------------------------------|
| 1. Īxa gôas ge. | 'n Mooi meisie is dit. Dit is 'n mooi meisie. |
| 2. Īxa a gôas ge. | Mooi is die meisie. Die meisie is mooi. |
| 3. Nē gôas ge kaise a ĩxa. | Hierdie meisie is baie mooi. |
| 4. Kaise a ĩxa gôas ge. | Dit is 'n baie mooi meisie. |
| 5. Aixa arib ge. | Dit is 'n kwaai hond. |
| 6. Aixa a arib ge. | Die hond is kwaai. |
| 7. Kaise a aixa arib ge nēba. | Hierdie is 'n baie kwaai hond. |
| 8. Nē khā khā-aob ge Anes ai khā khā-ao ge i. | Hierdie leraar was op Rehoboth leraar gewees. |
| 9. Nā sisenro-i ge suwu go i. | Daardie werk was maklik. |
| 10. !Anuo!nân ge go i. | Onrein (van geaardheid) was hulle. |
| 11. !Anuo!nâts ge a. | Onrein van geaardheid is jy. |
| 12. Sisenao'ts ge a. | 'n Werker is jy. Jy is 'n werker. |

13. Nē saran ge ||nān xa a lurixa. Hierdie klere is vuiler as daardie.
14. Khoen ge a +gui. +Gui a khoen ge. Die mense is talryk (baie).
15. +Gui khoen ge. Dit is baie mense.
16. Khoen ge +gui ge i. Die mense was talryk (baie) gewees.
17. Mā +ûna go !gâiba tsi i? Watter kosse was vir jou lekker gewees?
18. Kaise i a !gomba te. Dit is vir my baie moeilik.
19. Kaise i nî !gomba te i. Dit sal vir my baie moeilik wees.
20. !Nari-aots ge a. Jy is 'n dief.
21. Sats ge !nari-aotsa. Jy is dié dief.
22. Nēb ge ti haiba. Hierdie is my stok.
23. Marias ge ||îb di îsa. Maria is sy moeder.
24. ||îb di îs ge Mariasa. Sy moeder is Maria.
25. Hoada ge a ||ore-ao. Ons almal is sondaars.
26. Nēb ge ||ore-aoba. Hierdie is die sondaar.
27. Nēb ge ti !hanaba, ||nāb ge saba (sa diba) tsi naub ge ||îb diba. Hierdie is my tuin, daardie joune en doerdie syne.
28. Mû matib nē pereba a !anu-o!nâsa (!khaesa). Kyk hoe vuil is hierdie brood.
29. Tari-i gomaga kha nēga? Wie se osse is dan hierdie?
30. Nē daob ge hoagu xa a !gâi. Hierdie pad is die beste.

Opmerkings:

- Die naamwoord wat op die identifiserende kopula (ge) volg, verskyn altyd in die voorwerpvorm. Vgl. sinne no. 22, 23, 24, 26 en 27. Let op die verskil tussen die attributiewe en die predikatiewe gebruik van die byvoeglike naamwoord in bostaande sinne: Word die byvoeglike naamwoord attributief gebruik,

dan tree slegs die onderwerp-ge as kopulatief op. (Vgl. sin no. 1.) Word die byvoeglike naamwoord predikatief gebruik, dan tree die koppelwerkwoord 'a' saam met die byvoeglike naamwoord op. (Vgl. sin no. 2.)

Par. 30. Werkwoorde wat saam met die koppelwerkwoorde "i" en "a" optree.

Die volgende werkwoorde in Nama druk nie 'n handeling uit nie, maar wel 'n eienskap, bv. ek weet = ek is wetend; ek kan = ek is in staat; ek wil = ek is gewillig.

*an	- weet	oa	- nie kan nie, nie in staat wees nie
!ū	- nie weet nie		
khā	- kan	!khai	- nie daar wees nie

Hierdie werkwoorde tree gewoonlik as gevolg van hulle aard saam met 'n koppelwerkwoord ("i" of "a") op, bv.

- Tita ge a +an; +an ta ge - Ek weet. a.
- Sats (sas) ge a +an; +ants (+ans) ge a. - Jy weet.
- ||îb (||îs) ge a +an; +an ni (+ans) ge a. - Hy (sy) weet.
- Tita ge +an go i; +an ta go i; tita ge go +an i. - Ek het geweet.
- Sats ge +an go i; +ants ge go i; sats ge go +an i. - Jy het geweet.
- ||îb ge +an go i; +an ni ge go i; ||îb ge go +an i. - Hy het geweet.
- Tita ge +an ge i; +an ta ge ge i; tita ge ge +an i. - Ek het geweet.
- Sas ge +an ge i; +ans ge ge i; sas ge ge +an i. - Jy het geweet.

9. ||Is ge #an ge i; #ans ge ge i; ||is ge ge #an i. - Sy het geweet.
10. Tita ge nî #an (i); #an ta ge nî (i). - Ek sal weet.
11. Sats ge nî #an (i); #ans ge nî (i). - Jy sal weet.
12. ||Îb ge nî #an (i); #an ni ge nî (i). - Hy sal weet.

Opmerkings:

1. By die toekomstige tyd is dit egter minder gebruiklik om die koppelwerkwoord "i" saam met hierdie werkwoorde te laat optree en dit word in die meeste gevalle weggelaat (sien sinne 10, 11 en 12 hierbo).
2. In antwoord op die vraag: "Waar is hy?" volg dikwels sommer kortweg die antwoord: "lKhai a." (nie daar nie) i.p.v. "lKhaib ge a." of "||Îb ge a lKhai."

Defening

- | | |
|------------------------------|------------------------------------|
| 1. Sîsen khā ta ge a. | Ek kan werk. |
| 2. Om oa se go i. | Ons kon nie slaap nie. |
| 3. #An oa ta a. | Ek is nie in staat om te weet nie. |
| 4. Mati du a #an khā? | Hoe kan julle weet? |
| 5. Tita ge a mîba tsi khā. | Ek is in staat om jou te sê. |
| 6. Nāu oab a. | Hy kan nie hoor nie. |

- | | |
|------------------------------------------|--------------------------------------|
| 7. Mîba te khāts a? | Kan jy my sê? |
| 8. Dî khā du a? | Kan julle (dit) doen? |
| 9. !U ta go i sats asa (sats a !khaesa). | Ek het nie geweet dat dit jy is nie. |

Par. 31. Die koppelwerkwoord "hâ" (wees)

1. Die koppelwerkwoord "hâ" (wees) word gebruik om 'n voortdurende toestand of 'n voortdurende eienskap uit te druk.
2. Hierdie koppelwerkwoord verskil van die ander koppelwerkwoorde daarin dat dit nie alleen saam met byvoeglike naamwoorde, selfstandige naamwoorde en die eienskapwerkwoorde optree nie, maar ook saam met enige ander werkwoord en dan dui dit op 'n voortdurende handeling.
3. Dit tree direk na die werkwoord op, bv. Tita ge !anu hâ. - Ek is rein (in 'n rein toestand).
4. Wanneer "hâ" in die teenwoordige tyd optree, val die tydspartikel "ra" altyd weg (net soos by gebruik van die koppelwerkwoord "a").
5. Die koppelwerkwoord "hâ" tree tesame met die koppelwerkwoord "i" op om 'n voortdurende toestand, eienskap of handeling in die nabye of verre verlede tyd uit te druk. Die koppelwerkwoord "i" kan egter nie saam met "hâ" optree in die gewone toekomstige tyd nie. Word "i" saam met "hâ" gebruik vir die toekomstige tyd dan dui

dit spesifiek op 'n voltooide handeling in die toekomstige tyd en word gevolglik die voltooide toekomstige tyd genoem.

Voorbeelde

- (a) met 'n selfstandige naamwoord of byvoeglike naamwoord as gesegde van die sin:

Tita ge !anu hâ; !anu ta - Ek is rein.
ge hâ.
Tita ge gao-ao hâ; gao- - Ek is koning
ao ta ge hâ.
Tita ge !anu go hâ i; - Ek was rein.
!anu ta ge go hâ i.
Tita ge gao-ao go hâ i; - Ek was koning
gao-ao ta ge go hâ i.
Tita ge !anu ge hâ i; - Ek was rein.
!anu ta ge ge hâ i.
Tita ge gao-ao ge hâ i; - Ek was koning.
gao-ao ta ge ge hâ i.
Tita ge !anu nî hâ; - Ek sal rein wees.
!anu ta ge nî hâ.
Tita ge gao-ao nî hâ; - Ek sal koning wees.
gao-ao ta ge nî hâ.
Tita ge !anu nî hâ i; - Ek sal rein gewees het.
!anu ta ge nî hâ i.
Tita ge gao-ao nî hâ i; - Ek sal koning gewees het.
gao-ao ta ge nî hâ i.

- (b) met 'n werkwoord as gesegde van die sin:

Tita ge !nam hâ; - Ek bemin.
!nam ta hâ.
Tita go !nam hâ i; !nam - Ek het bemin.
ta go hâ i.
Tita ge !nam hâ i; !nam - Ek het bemin.
ta ge hâ i.
Tita ge nî !nam hâ; - Ek sal bemin.
!nam ta nî hâ.

Tita ge nî !nam hâ i; !nam - Ek sal bemin ge-
ta nî hâ i. had het.

6. Die koppelwerkwoord "hâ" kan ook sonder 'n komplement optree (d.w.s. sonder die byvoeglike naamwoord, selfstandige naamwoord of werkwoord) en word dan vertaal met "bly" of "aanwesig wees", bv.

Tita ge hâ. - Ek is aanwesig.
Hâ ta go i. - Ek was aanwesig.
Nepa ta ge hâ. - Ek is hier, ek bly hier.
||Nāpa ta ge hâ i. - Ek was daar, ek het daar gebly.
Nepa ta ge nî hâ. - Ek sal hier wees, ek sal hier bly.
Matits hâ? - Hoe bly jy? Hoe gaan dit met jou?
Mati ro hâ? - Hoe gaan dit met julle twee?
!Gâise ta hâ. - Goed bly ek, dit gaan goed met my.
Tsūse ta hâ. - Dit gaan sleg met my.
Mapats hâ? - Waar bly jy?
Mapa du go hâ i? - Waar was julle? Waar het julle gebly?
Mapab nî hâ? - Waar sal hy wees? Waar sal hy bly?
||Nābab ge nî hâ. - Hy sal daar wees, hy sal daar bly.

7. Soos reeds aangetoon tree die koppelwerkwoord "i" saam met die koppelwerkwoord "hâ" op wanneer "hâ" vir die verlede tyd gebruik word. Wanneer 'n handeling egter in die verlede tyd plaasgevind het en in die teenwoordige tyd nog steeds voortduur, dan tree "hâ" sonder die koppelwerkwoord "i" op, bv.
Totob ge khâi hâ. - Oorlog het ontstaan (daar

heers nou oorlogtoestand.)
 |Aesen ta hâ. - Ek is siek (ek het bv. gister siek geword, maar is nog steeds siek).

Dit is veral die werkwoorde wat op 'n passiewe toestand dui wat op hierdie wyse saam met "hâ" optree, soos:

mâ - staan ||om - slaap
 sâ - rus *nôa - sit
 ||goe - lê kâ - verlore wees, ens.

Voorbeelde:

||Goe ta hâ. - Ek lê (ek het gaan lê en lê nog steeds).
 ||Om gu hâ. - Hulle slaap (hulle het gaan slaap en slaap nog steeds).
 Kâ i ge hâ. - Dit is verlore (dit het wegge-raak en is nog steeds weg).

Ook wanneer aan 'n werkwoord die passiewe agtervoegsel "he" gevoeg word, tree dit dikwels saam met die koppelwerkwoord "hâ" op, bv.

Sîhe ta hâ. - Ek is gestuur (ek verkeer nog steeds in die toestand dat ek gestuur is).
 ||Kharahab hâ. - Hy is gestraf (hy dien nog steeds sy straf uit).
 Hôhe gu hâ. - Hulle is gevind.

Woordeskat

*nû - gaan sit ||goe - lê, gaan lê neerlê
 *nôa - sit mâi - iets neersit
 *nûi - iets wegsit *gî - blind word
 !â - honger word

||gâ - dors word !khû - ryk word
 ||â - versadig word ū - neem
 laesen - siek word ūhâ - hê, besit

Oefening

1. Sîsen ta ra; tita ra sîsen. Ek werk (op die oomblik).
2. Sîsen ta hâ; tita ge sîsen hâ. Ek werk (voortdurend), ek is werkende.
3. !Â ta ra; tita(ge) ra !â. Ek word honger (kry honger).
4. !Â ta hâ; tita (ge) !â hâ. Ek is honger.
5. ||Gâ ta ra; tita (ge) ra ||gâ. Ek word dors (kry dors).
6. ||Gâ ta hâ; tita (ge) ||gâ hâ. Ek is dors.
7. ||Â ta ra; tita ge ra ||â. Ek word versadig.
8. ||Â ta hâ; tita ge ||â hâ. Ek is versadig.
9. |Aesen ta ra; tita ra laesen. Ek word siek.
10. |Aesen ta hâ; tita ge laesen hâ. Ek is siek.
11. |Aesents hâ; sats ge laesen hâ. Jy is siek.
12. *Gî da ge ra; sada ge ra *gî. Ons word blind.
13. *Gî da ge hâ; sada ge *gî hâ. Ons is blind.
14. ||Ūb ge ra; ||îb ta ||ō. Hy sterf.
15. ||Ūb hâ; ||îb ge ||ō hâ. Hy is dood.
16. Ū ta ra; tita ra ū. Ek neem.
17. Ū ta hâ; tita ge ūhâ. Ek besit.
18. *An ta hâ; tita ge *an hâ. Ek weet (is wetend).
19. *An ta a; tita ge a *an. Ek weet (nou).

20. ||Khā ta a; tita ge a Ek kan (nou).
||khā.
21. ||Khā ta hā; tita ge Ek is in staat.
||khā hā.
22. ||Aixa ta a. ||Aixa ta ra. Ek is kwaad. Ek word kwaad.
23. ||Aixa ta hā; tita ge Ek is kwaai (voortdurend
||aixa hā. kwaad).
24. !Khū khoe ta a. Ek is (nou) 'n ryk man.
25. !Khū khoe kai ta ra. Ek word 'n ryk man.
26. !Khū hā khoe ta ge. Ek is (blywend) 'n ryk man.
27. Mābats hā, ti khoe? Waar bly jy, my vriend?
28. Ti !gāsab Fredereb tawa Ek is by my broer Frederik.
ta ge hā.
29. Matib sa !gāsaba hā? Hoe gaan dit met jou broer?
30. ||Ari ta ge ||īb tawa go Gister was ek by hom gewees.
hā i.
31. ||īb ge kaise a sisenxa Hy is 'n baie arbeidsame mens.
khoe.
32. Tita ge ||nā ||gāus !nā Ek sal op daardie werf bly.
nī hā.

Opmerking

In die plek van "hā" kan ook die verruimende partikels van die verlede tyd, nl. "goro" en "gere" gebruik word wat juis die betekenis van kontinuïteit aan die werkwoord verleen, bv.

- Sisen ta go ro. - Ek het (gereeld) gewerk.
- Nau kurib !nā di ge - In daardie jaar het die
tarade tsuxuba kaise ge- vrouens (altyd) snags ge-
re ||nae. sing.
- ||Arib go hā, o ta ge go- - Hy het gister gekom toe ek
ro +ū. besig was om te eet.

Ook die partikel "hana" kan saam met "ge", "go" of "ra" gebruik word om die kontinuïteit van 'n toestand of handeling uit te druk, bv.

- Mati du hana ra +āi? - Hoe dink julle?

Par. 32. Sinne wat met die werkwoord ingelei word

Dit is baie gebruiklik in Nama om 'n sin met die werkwoord in te lei, veral ook as die werkwoord beklemtoon wil word, bv.

- Mū bi ta (ge) ra. - Ek sien hom.

In die algemeen geld dit, dat die woord in 'n sin, waarop die meeste klem lê, die sin moet inlei, bv.

- Tita (ge) ra mū bi. - Ek sien hom.

- ||ība ta (ge) ra mū. - Ek sien hom.

- ||Ari ta go mū bi. - Ek het hom gister gesien.

Wanneer geen besondere klem egter op enige van die woorde in 'n sin geplaas wil word nie, hang dit van die keuse van die spreker af watter woord die sin sal inlei. Die sin wat met die gesegde ingelei word, word egter meer dikwels in die algemene omgangstaal gebruik, terwyl dit baie selde in meer formele taal (bv. in toesprake, die Bybel, ens.) gebruik word.

Woordeskat

!ūba	- vergewe	ā (hoogtoon)	- huil, ween
+gā	- ingaan	+āi	- dink
+gā	- insit,	+āi+āi	- herinner
	plant	nam	- wag
!game	- trou	!huri	- skrik, ontstel
!gāia+gao	- verheug wees	+gaob	- hart
tsūa+gao	- bedroef wees	!oa	- treur
!noea+gao	- haastig wees	!ao	- bang wees

Opmerking:

Die woord "!gāia+gao" is 'n samestelling wat bestaan uit:
die byvoeglike naamwoord "!gāi", die koppelwerkwoord

"a" en die werkwoord "+gao" (wil). Die woorde "tsûa+gao" en "!noea+gao" is natuurlik soortgelyke samestellings.

Oefening

- | | |
|-----------------------------|--------------------------------|
| 1. !Ao ta ra. | Ek is bang. |
| 2. !Aots ta (i.p.v. ra). | Jy is bang. |
| 3. !Gâia+gaots ge nî. | Jy moet jou verheug. |
| 4. Tsûa+gao du hâ? | Is julle bedroef? |
| 5. !Oa du hâ? | Is julle bedroef? Treur julle? |
| 6. +Gās go? | Het jy geplant? |
| 7. !Huri gu ge. | Hulle het geskrik. |
| 8. +Nôa ta hâ. | Ek sit. |
| 9. Nam so ge nî. | Julle moet wag. |
| 10. +Nû ta go. | Ek het gaan sit. |
| 11. +Gāts ge? | Het jy geplant? |
| 12. Hui tsi ta nî. | Ek sal jou help. |
| 13. An ta (i.p.v. ra). | Hulle huil. |
| 14. Mû kho ra? | Sien julle twee? |
| 15. Nâu khom go. | Ons twee het gehoor. |
| 16. Goe ra ge. | Die twee het gaan lê. |
| 17. +Nû kho ge nî. | Julle twee moet gaan sit. |
| 18. Mā ta go. | Ek het gegee. |
| 19. !Uba bi ta nî. | Ek sal hom vergewe. |
| 20. !Game sits ge? | Het jy met haar getrou? |
| 21. Hō bits go? | Het jy hom gevind? |
| 22. Nam kho ge nî. | Julle twee moet wag. |
| 23. Mîba teb go. | Hy het vir my gesê. |
| 24. Oa bi ta nî. | Ek sal hom soek. |
| 25. Mû bits ta? (i.p.v. ra) | Sien jy hom? |
| 26. !Ao te ra khoeb ge. | Die man is bang vir my. |
| 27. Goe ta ra. | Ek gaan lê. |
| 28. Goe ta hâ. | Ek lê. |

- | | |
|---------------|--------------|
| 29. +An ta a. | Ek weet. |
| 30. !U ta a. | Ek weet nie. |

Opmerking:

Soos reeds bekend, word die onderwerp-ge slegs in stelsinne gebruik en sy funksie is om die onderwerp te steun. Dit word egter dikwels in die algemene omgangstaal weggelaat, maar selde in meer formele taalgebruik. Die sin: "mû gu ra" kan 'n stelsin of 'n vraagsin wees: "Hulle sien" of "Sien hulle?" In lg. geval moet dit in die vraagtoon uitgespreek word. Die sin: "||Igu ge ra mû." kan egter slegs 'n stelsin wees omdat dit die onderwerp-ge bevat.

Par. 33. Die bevelvorm (Imperatief)

In par. 8. is reeds na die bevelvorm verwys.

- Deur gebruik van die beleefdheidspartikel "re" word 'n bevel hoflik uitgedruk, bv.
Mû re! - Kyk tog! Mā te re! - Gee my tog!
- Indien die bevel aan twee of meer persone gerig word, kan die verkorte voornaamwoord van die persone wat aangespreek word, ook in die bevelsin optree, bv.
Sisen kho! - Werk julle twee (mans)!
||Nâu du re Elob Mîsa! - Hoor julle tog God's Woord!
Hui bi go re! - Help julle (mans) hom tog!
Die volgende woordorde is ook moontlik:
Elob Mîsa du ||nâu re! - Hoor julle tog God's Woord!
Aogu di sarana so ||ā! - Was julle (vroue) die mans se klere!
- As die volledige persoonlike voornaamwoord in 'n bevelsin gebruik wil word, staan dit in die voorwerpvorm en

nie in die onderwerpvorm nie, bv.

Satsa, !gû! - Jy, gaan! Sasa, ū re! - Jy, neem tog!

4. Die tweede persoon manlik en vroulik, enkelvoud het 'n besondere vorm wat slegs deur hooggeplaastes teenoor hulle ondergeskiktes gebruik kan word, nl. "tsigo" (manlik) en "sigo" (vroulik).

Mā, tsigo! - Gee, jy (man):
Mā, sigo! - Gee, jy (vrou):

5. As twee opeenvolgende bevele met "en" verbind word, dan word i.p.v. "tsî" die voegwoord "î" gebruik (vgl. par. 18).

!Gû, î hui bi re! - Gaan en help hom tog!
Hā, î du mība te! - Kom en sê julle my!

Par. 34. Die hortatief

1. Die hortatiefpartikels is "a" of "hā" en hulle word gevolg deur die verkorte voornaamwoord. Die beleefdheidspartikel "re" kan ook aan die einde van die sin optree. Soos in die bevelsin, mag die onderwerp-ge ook nie in die hortatiefsin optree nie.

Voorbeelde:

A ta !gû re! - Laat my gaan (ek sou wou gaan):
Hā ge sisen! - Laat ons werk!
A da !gore! - Laat ons bid!
Hā ge oa! - Laat ons huis toe gaan!
(oa - huis toe gaan)
Ab hā re! - Laat hom tog kom!
As !gû re! - Laat haar tog gaan!

2. 'n Minder gebruiklike vorm van die hortatiefsin word soos volg saamgestel: Die werkwoord tree aan die be-

gin van die sin op, die hortatiefpartikel val weg en die beleefdheidspartikel "re" tree aan die einde van die sin op, bv.

!Gû ta re! - Laat ek (tog) gaan!
Sisen ge re! - Laat ons (tog) werk!
!Gore da re! - Laat ons (tog) bid!

3. As die onderwerp van 'n hortatiefsin nie 'n voornaamwoord is nie, maar 'n selfstandige naamwoord, dan word die welluidendheidsvorm gebruik, bv.

Ab khoeba hā re! - Mag die man tog kom!
An !gôarona sao te! - Laat die kindertjies my volg!

4. 'n Verandering in woordorde kan ook plaasvind, sodat die selfstandige naamwoord aan die begin van die sin in die onderwerpvorm optree, bv.

Khoeba ab hā! - Die man, mag hy kom!
Tarasa as !gôana +ûmā! - Mag die vrou die kinders kos gee!

5. As 'n doelsin, ingelei met "dat" of "sodat" na 'n bevelsin of 'n hortatiefsin volg, word die voegwoord "dat" of "sodat" met "î" vertaal. Sowel die tydspartikel as die onderwerp-ge val dan weg in die afhanklike sin (of doelsin), bv.

Hā, î ta xū-e mā tsi! - Kom, dat ek jou iets gee!
A da !ās !oa !gû, î da - Laat ons na die stad gaan,
!napa sisen-e ôa! sodat (dat) ons daar werk soek!

Par. 35. Die ontkenning

Die ontkenningpartikels van Nama is die volgende: "tama", "tide" en "tā".

A. Die ontkenningsspartikel "tama" tree altyd na die woord op wat ontken word. Die volgende woordsorte kan met "tama" ontken word:

1. Die byvoeglike naamwoord, bv.

!gâi tama	- nie goed nie
*hanu tama	- nie reg nie
kai tama	- nie groot nie
kai tama khoeb	- nie 'n groot man nie
!gâiba te tama taras ge	- dit is vir my nie 'n goeie vrou nie.

Die ontkenningsspartikel staan in die reël (soos die laaste twee voorbeelde aantoon) voor die betrokke selfstandige naamwoord. Tree dit egter ná die selfstandige naamwoord in die sin op, dan word die selfstandige naamwoord se voornaamwoordelike agtervoegsel aan die ontkenningsspartikel gevoeg en nie aan die byvoeglike naamwoord nie, bv.

taras !gâi tamas - die nie goeie vrou
 Vergelyk: taras !gâis - die goeie vrou (par. 21.)

2. Die selfstandige naamwoord

Slegs die selfstandige naamwoord stam tree voor "tama" op en die betrokke voornaamwoordelike agtervoegsel word dan aan "tama" gevoeg, bv.

Khoe tamab ge.	- Hy is nie 'n man nie.
!Nari-ao tamas ge.	- Sy is nie 'n dief nie.
Xū tama-i ge.	- Dit is nie 'n ding nie.
Ti !hana tamab ge.	- Dit is nie my tuin nie.
Goma taman ge.	- Dit is nie beeste nie.

3. Die werkwoord

Die tydspartikels val weg en die ontkennende werkwoord tree byna altyd saam met die koppelwerkwoord

"hâ" op. Dit kan by vertaling dan ook die betekenis van die voortdurende verlede tyd hê (vergelyk par. 31, no. 7).

Voorbeelde:

Mā tama ta hâ.	- Ek gee nie; ek het nie gegee nie.
*Nāuhe tama ta hâ.	- Ek is nie geslaan nie.
Mû tsi tamab ge hâ i.	- Ek het jou nie gesien nie.
Nāu+gao tama du hâ?	- Wil julle nie hoor nie?
*An te tamats hâ?	- Ken jy my nie?
Kā hâ marib ge hōhe tama hâ.	- Die verlore geld is nie gevind nie.

Opmerkings:

- (i) Die ontkenningsspartikel "tama" word nie vir die toekomstige tyd gebruik nie.
- (ii) Die werkwoorde "||ū", "||oa" en |khai" tree nie saam met "tama" op nie, aangesien hulle betekenis self 'n ontkenning inhou. (Vgl. par. 30).

Let wel: "tama" is die enigste ontkenningsspartikel wat gebruik word vir die ontkenning van sowel werkwoorde as selfstandige naamwoorde en byvoeglike naamwoorde. Die ander twee ontkenningsspartikels word slegs gebruik om werkwoorde te ontken.

B. Die ontkenningsspartikel "tide" is die ontkenningsspartikel vir die toekomstige tyd. Dit tree direk na die werkwoord op en die tydspartikel "nī" val weg, bv.

Tita ge nāu tide; nāu ta tide.	- Ek sal niks hoor nie.
Sats ge *nau te tide; *nau tets tide.	Jy moet my nie slaan nie.
Sadu ge īsa mā tide; mā si du tide.	- Julle moet haar niks gee nie, of: julle sal haar niks gee nie.

Die woordjie "tātsē" (nimmer meer) is afgelei van die ontkenningsspartikel "tā" en van "tsēs" (dag) en kan letterlik vertaal word met "geen dag". Dit word dikwels gebruik om "tide" te versterk, bv.

- Tātsē ta sī tide. - Nimmer meer sal ek weggaan nie.
- Tātsē hō tide khoeb ge. - Die man sal (dit) nimmer meer vind nie.
- Tātsē ta !game tide taras ge. - Ek sal nooit met die vrou trou nie.
- Tātsē du ||nā gomana hō tide. - Julle sal daardie beeste nooit vind nie.

C. Die ontkenningsspartikel "tā" is die ontkenningsspartikel vir die imperatief, die hortatief en die doelsinne wat in par. 34 behandel is. Dit tree altyd voor die werkwoord op, maar ander woorde kan ook tussen "tā" en die betrokke werkwoord ingevoeg word, bv.

- Tā #nau bi re! - Moet hom tog nie slaan nie!
- Tā ||khawa hā! - Moenie weer kom nie!
- A ge !gū, i ge tā ||khawa hā. - Laat ons gaan en nie weer terug kom nie.
- !Gū, i du tā ||kharashe. - Gaan, sodat julle nie gestraf word nie.

Woordeskat

ā (laagtoon)	- ja	ais	- gesig
hī-i	- nee	#hanub	- regverdigheid, wet
toa	- klaar raak	ga-aisib	- wysheid
gowa	- praat, spreek	#gan	- vra, versoek
gowab	- taal, rede spraak	#gona	- bedelend wag

!gaus	- aard, wyse manier	xawe	- maar (voegwoord)
gowalgaus	- spreekwyse		

Oefening

- Ti !gā, tā !gam te re sa mīdi !kha. My broer, moet my tog nie met jou woorde doodmaak nie.
- O Elotse, sida !hūba !awiba !khae re, in ||gā hā gomana ā ||khā re. O God, skenk ons land tog reën sodat die dorstige beeste kan drink.
- U, i(ts) #ū, i(ts) !gai. Neem en eet sodat jy sterk word.
- A ge khāi, i ge ||nā!i !gū. Laat ons opstaan en daarheen gaan.
- A se !honkhoes āse sī tawede. Laat ons ons diensvrou gaan groet.
- Mība te, tarexū-i !aromats sa #kawasiba !ū ||oa !khaisa. Sê my hoekom jy nie jou slegtigheid kan laat staan nie.
- As !gōasa tā #nauhe re, is tā ā. Mag die meisie tog nie geslaan word nie, sodat sy nie huil nie.
- An hoan khoena mū, tarebe khoets a !khaesa! Mag alle mense sien wat vir 'n mens jy is.
- A gu sisenaga nētsē tita !oa hā, i ta ||iga mība tare-e gu nī dī !khaesa. Mag die werkers vandag na my toe kom, sodat ek hulle mag sê wat hulle moet doen.
- !Haese so gomade !oa, i ta daiba hō. Melk julle gou die koeie sodat ek kan melk kry.
- ||Gāus !oa !gū! Gaan na die werf toe!
- Hī-i, !gū ta tide. Nee, ek sal nie gaan nie.
- Tarexats !gū tide? Waarom sal jy nie gaan nie?
- !Gū #gao tama ta hā. Ek wil nie gaan nie.
- Nē siseni ge suwu tama hā. Hierdie werk is nie maklik nie.
- ||Nā !honkhoeb ge !gāiba te tama hā. Daardie baas is nie vir my goed nie.

17. Tanihe ||oasa gowa| gaus ge nēsa. n Onduldbare spreekwyse is hierdie.
18. Tātsē toa tide siseni ge nēba. n Nimmer eindigende (n nimmer klaar raak) werk is hierdie.
19. Nē khoeb ge ti !gā tamaba. Ti !gā tamab ge nē khoeba. Hierdie man is nie my kneg nie.
20. Bē tita xu, its tā ||khawa ti oms tawa hā. Gaan weg van my af en moenie weer by my huis kom nie.
21. !Anu tama xawan ge !gāiba te tama hā. Ek hou nie van vuil skottels nie. (Letterlik: Nie skoon skottels nie, is nie vir my goed nie.)
22. Tātsēs ge ||khawa #homi tide. Nooit moet jy weer jok nie.
23. #Hanub ge ||nāti mī tama hā. Die wet sê nie so nie.
24. Ga-ai taman ge Elob tawa ga-aisiba nī #gan. Die onwyses moet by God om wysheid smeeke.
25. Dī tsi ta ge ra, xawets ge !eream te tama hā. Ek vra jou, maar jy antwoord my nie.
26. #Gan tets go, xawe ta mā tsi tide. Jy het my gevra, maar ek sal jou nie gee nie.
27. Nē !ās ai kho ge a hā ||oa. Julle kan nie op hierdie plek bly nie.
28. Hā tamab hā khoeba? Het die man nie gekom nie?
29. Ā, hā tamab hā; of kortweg: Ā, hā tama. Ja, hy het nie gekom nie.¹⁾
30. !Gūts tide? Ā, !gū ta tide. Sal jy nie gaan nie? Ja, ek sal nie gaan nie.

1) In Afrikaans sê mens: "Nee, hy het nie gekom nie". Die Nama sê egter: "Ja, hy het nie gekom nie", bedoelende: "Ja, jy is reg met jou vraag dat hy nie gekom het nie".

Par. 36. Deverbatiewe

n Deverbatief is n selfstandige naamwoord wat van n werkwoord afgelei is. In Nama word n deverbatief gevorm deur die aanvoeging van die manlike, vroulike of onsydige geslagsuitgang aan die werkwoord, bv.

#ûb, #ûs, #û-i	- kos	vgl. #û	- eet
ommi, oms, om-i	- huis	vgl. om	- bou
gaob	- heerser	vgl. gao	- heers
siseni	- werk	vgl. sisen	- werk
mīs	- woord	vgl. mī	- sê
gowab	- taal	vgl. gowa	- praat
turab	- begeer-	vgl. tura	- begeer
	te		
nāmas	- vermaning	vgl. nāma	- vermaan
dans	- oorwin-	vgl. dan	- oorwin
	ning		
tsûb	- smart	vgl. tsû	- pynig

Die meeste deverbatiewe in Nama word egter verkry deur aanvoeging van die vroulike geslagsuitgang ("-s") aan die werkwoord, bv.

mūs	- die	vgl. mû	- sien
	sienery		
!gūs	- die	vgl. !gû	- loop
	lopery		
nāus	- die	vgl. nāu	- hoor
	hoordery		

- Mās ge ūs xa a !gāi. - Gee is beter as neem.
- ||Gū!hūba ||ōbas ge a !gāi. - Sterwe vir die vaderland is goed.
- Khākhoena !ūbas ge !gom !khaesa. - Om die vyande te vergewe is n moeilike saak.

Opmerking:

Hierdie vroulike deverbatië is in die meeste gevalle makliker vertaalbaar in Afrikaans met "om te", bv.

mās	- om te gee (die gee)
ūs	- om te neem (die neem, die nemery)
ōbas	- om te sterf vir (die sterwe vir)
nāus	- om te hoor (die hoordery)
ens.	

Die voorwerp-vorme van deverbatië word reëlmatig verkry, bv.

!Goresa khā khā te.	- Leer my om te bid.
Īb ge xoasa a *an.	- Hy ken die skrywery = hy kan skryf.
Māsa ta ge nam hā.	- Ek nou daarvan om te gee.
Suwu tamas ge nē gowaba gowasa.1)	- Die praat van hierdie taal is nie maklik nie; dit is nie maklik om hierdie taal te praat nie.
!Gāi as ge gū!hūba ōbasa.	- Dit is goed om vir die vaderland te sterf.

(welluidendheidsvorm)

Par. 37. Die konjunktief (afhanklike wyse)

Die konjunktiefpartikel is "ga" en dit tree op in die plek van die tydspartikel, bv.

Tita ge ga !gū, of:	- Ek sou wou gaan.
!Gū ta ge ga.	

Woordeskat

luru	- vergeet	doe	- trek (van woon-
------	-----------	-----	-------------------

1) Die naamwoord wat op die identifiserende kopula volg (in hierdie geval "gowasa") verskyn altyd in die voorwerp-vorm. Vgl. par. 29 se slotdeel, opmerking 1.

ūi	- lewe (ww.)	plek verander)
ūib	- lewe (s.nw.)	wekheb - week
*ause	- stadig, ver-	ti - so
	sigtig	
aoxū	- weggooi	

Oefening

Hui tets ge ga; titats ge ga hui.	Jy moet my help.
!Uru tets ge ga tide hā.	Jy moet my nie vergeet nie.
Tāts ge ga ti namma aoxū.	Mag jy my liefde nie versmaai nie.
Dai-ets ga mā si hā os ge ga ūi hā.	As jy haar melk sou gegee het, dan sou sy gelewe het.
*Ausets ga gowao, o ta ge ga nāu!ā tsi hā.	As jy stadig sou praat, dan sou ek jou verstaan.
Ti ūiba ta ge ga mā tsi.	My lewe sou ek vir jou wou gee.
Nā!i ta ge ga doe.	Daarheen sou ek wou trek.

Par. 38. Deelwoorde

Deelwoorde word in Nama gevorm met behulp van die deelwoordelike agtervoegsels "-se", "-!â" of "tsi".

1. Die deelwoordelike agtervoegsels "-se" en "-!â" word aan werkwoorde, tydspartikels of koppelwerkwoorde gevoeg.

a) Indien die tydspartikel voor die werkwoord in die sin optree, word "-se" of "-!â" aan die werkwoord gevoeg, bv.

Gao-aoba ra naeba!âb ge ge ō.	Singend vir die koning het hy gesterf.
-----------------------------------	----------------------------------------

!Gôa-i âba ra ôaseb ge nē !āsa xu nau !ās !oa ra !gū.	Soekend na sy kind, gaan hy van hierdie stad na daardie stad.
-------------------------------------------------------	---------------------------------------------------------------

Pirina ra *gaises ge Raepend na die bokke, loop
ra !gû. sy.

- b) Indien die tydspartikel ná die werkwoord in die sin optree, dan word "-se" of "-!â" aan die tyds-partikel gevoeg, bv.

!Gû rase (ra!â) ta Lopende het ek geëet.
go #û.

Dan raseb ge ge ||õ. Oorwinnend het hy gesterf.

!Gû nî!âb ge !gû tama Gaan moetende, gaan hy nie
hâ. (alhoewel hy moet gaan,
gaan hy nie).

- c) Indien daar 'n koppelwerkwoord in die sin optree, dan word "-se" of "-!â" aan die koppelwerkwoord gevoeg, bv.

*An ase tsî ||û ase da Wetend en onwetend sondig
ge kaise ra ||ore. ons baie.

!Â hâ!âs ge tarasa Hongerend het die vrou
perero-e tita tawa go bietjie brood by my gesmeek.
*gan.

Ti mîsa ||nâu hâ!âb ge My woord gehoor hebbende,
||nâu!â te tama hâ. verstaan hy my nie (alhoewel
hy my woord gehoor
het ...).

Nē !gôasa !game hâ!âb Hierdie meisie getrou heb-
ge nî doe. bende, sal hy trek.

2. Die ontkenning van die deelwoord:

Deelwoorde gevorm met behulp van die agtervoegsels "-se" en "-!â" word soos gewone werkwoorde ontken, bv.

#U tama hâseb go !gû. Nie geëet hebbende het hy
gegaan.

Sîsen tamab hâse ta go Nie werkende, het ek hom
hõ bi. gevind (ek het hom gevind
terwyl hy nie besig was
om te werk nie).

3. a) Die deelwoord van die passief-verlede tyd, word

dikwels as byvoeglike naamwoord gebruik, bv.

orehe hâ ||ore-aob - die verlose sondaar

!gamhe hâ khoeb - die vermoorde man

!narihe hâ gûs - die gesteelde skaap

Die koppelwerkwoord "hâ" dui hier natuurlik op die voortdurende toestand. As in plaas van die voortdurende toestand, net op die oombliklike handeling of toestand gewys wil word, sal die volgende vorme gebruik word:

orehe ge ||ore-aob - die (vroëer) verlose sondaar

orehe go ||ore-aob - die (onlangs) verlose sondaar

||ari go !gamhe khoeb - die gister-vermoorde man

nau kurib !nâ ge - die in-daardie-jaar gesteelde
!narihe gûs skaap

- b) Ook aktief-deelwoorde van onoorganklike werkwoorde, kan as byvoeglike naamwoorde gebruik word, bv.

hâ hâ kunis - die gekomde wa (die wa wat gekom het en nou nog steeds hier is)

hâ go kunis - die gekomde wa (die wa wat gister gekom het)

doe hâ ||gâus - die verlate werf

doe ge ||gâus - die (destyds) verlate werf

Opmerking:

Soos die egte byvoeglike naamwoorde ook ná die naamwoord kan verskyn, so ook kan hierdie deelwoordvorme wat as byvoeglike naamwoorde optree, ná die naamwoord verskyn, bv.

||ore-aob orehe hâb of orehe geb of orehe gob

gûs !narihe hâs of !narihe ges of !narihe gos

kunis hâ hâs of hâ ges of hâ gos

||gâus doe hâs of doe ges of doe gos

Par. 39. Die passief (lydende vorm)

1. Soos in par. 19 reeds gemeld is, word die passief gevorm deur aanvoeging van die agtervoegsel "-he" aan die werkwoord, bv.
- | | |
|-------------------------------------|---------------------------------------|
| +Nauhe ta ge ra; tita ge ra +nauhe. | Ek word geslaan. |
| Sihets ge go; sats ge go sihe. | Jy was gestuur. |
| Orehe da ge ge; sada ge ge orehe. | Ons is vrygemaak. |
| Höhe du ge nira; sadu ge nira hohe. | Julle sal gevind word. |
| Nē hairo-i ge a +gāhe khā. | Hierdie boompie kan geplant word. |
| Nā gomās ge a laohē oa. | Daardie koei kan nie gemelk word nie. |
| Īb ge ge +nauhe hā i. | Hy was geslaan gewees. |
2. Dit is interessant om daarop te let dat die lydende vorm in Nama soms voorrang geniet bo die bedrywende vorm (aktief), veral by die gebruik van werkwoorde soos; mā (gee), lkhāe (skenk), hui (help), mība (vertel). In plaas van te sê: "Daardie mens het my gehelp", sê mens liever: "Ek is deur daardie mens gehelp". In plaas van "My vader sal aan my hierdie os gee", sê mens liever: "Ek sal hierdie os deur my vader gegee word."
- Let wel: In Afrikaans sê mens: "Aan my sal hierdie os geskenk word", maar in Nama sê mens: "Tita ge nē gomaba nī lkhāe" (Ek sal hierdie os geskenk word). "Tita" is dus die onderwerp in die sin en "gomaba" die voorwerp.
- Voorbeelde:
- | | |
|------------------------------------|----------------------------------------------|
| Gao-aob ge hoa khoegu xa nī huihe. | Die koning moet deur alle mense gehelp word. |
|------------------------------------|----------------------------------------------|

- | | |
|-------------------------------------------|-------------------------------------------------------|
| Mamasi ta ge nē hairo-e +gābahe hā. | Deur my moeder is hierdie boompie vir my geplant. |
| Tari-i xa du nē omma ombahe hā? | Deur wie is hierdie huis vir julle gebou? |
| Ti taras tawa sī, ots ge +ūna nī sāibahe. | Gaan na my vrou toe, dan sal vir jou kos gekook word. |
| Marias di laesenni xa ta go mībahe. | Ek is van Maria se siekte vertel. |

Par. 40. Die kousatief

Die kousatief word op die volgende twee maniere in Nama verkry:

1. Deur toevoeging van werkwoord "kai" (laat), bv.
- | | |
|---------------------------------|-----------------------------------------|
| Nē khoeba ta ge ra sisen kai. | Ek laat hierdie man werk. |
| Khoeba mība kai re! | Laat die mense tog vertel! |
| Sa ôarona !gore kai! | Laat jou kindertjies bid! |
| Doe kaits go gāusa? | Laat jy die werf ontruim? |
| Sisen kaihe ta go. | Ek word in die werk gestek. |
| Tā tita !gū kai, ība !gū kai. | Moenie laat ek gaan nie, laat hom gaan. |
- Opmerking:
Hierdie werkwoord "kai" (laat), moet nie verwar word met die koppelwerkwoord "kai" (word) nie. (Vergelyk par. 28).
In die sin: "Tita ge ra gao-ao kai kai tsi" (Ek laat jou koning word), is die eerste "kai" die koppelwerkwoord en die tweede "kai" die werkwoord (laat).
2. Deur verdubbeling van onoorganklike werkwoordstamme of byvoeglike naamwoordstamme, bv.

!anu	- rein wees	!anu!anu	- rein maak, reinig
!nae	- warm wees	!nae!nae	- warm maak, verwarm
#an	- weet	#an#an	- laat weet, meedeel
!ao	- vrees	!ao!ao	- laat vrees, bang maak
!huri	- skrik	!huri!huri	- laat skrik, skrik maak
!hao	- bymekaar kom	!hao!hao	- versamel, bymekaar bring
ûi	- lewe	ûi-ûi	- laat lewe
!gâi	- goed	!gâi!gâi	- goed maak, verbeter
î	- mooi	î-î	- mooi maak, versier
!hae	- vinnig	!hae!hae	- vinnig maak
#hanu	- reg	#hanu#hanu	- regmaak
tsû	- bedroef wees	tsûtsû	- bedroef maak
khā	- in staat wees	khā khā	- in staat stel, onderrig
!urixa	- vuil	!urix!urix	- bemors
kai	- groot	kaikai	- groot maak

Let wel: Deur verdubbeling van die byvoeglike naamwoordstam, verander die byvoeglike naamwoord in 'n werkwoord.

Par. 41. Die refleksief

Die refleksiewe agtervoegsel "-sen" word aan werkwoorde gevoeg om 'n wederkerende handeling uit te druk en is vertaalbaar met die Afrikaanse woordjie "self", bv.

āsen	- self was	vgl. ā	- was
mûsen	- self sien	vgl. mû	- sien
huisen	- self help	vgl. hui	- help
!anu!anusen	- self reinig	vgl. !anu!anu	- reinig
!howasen	- self bekeer	vgl. !howa	- omkeer

!Gōan ge āsen tama hā.	Die kinders het nie hulleself gewas nie.
Sauli ge sarana a amabasen oa.	Saul kan nie vir homself klere koop nie.
Gamro-i xa mā kaisen, its !anu!anusen.	Kry (laat gee) vir jouself van die watertjies en reinig jouself.
Ti khoe, hamots satsa nî !howasen?	My vriend, wanneer sal jy jou bekeer?
Khawa ta nāti tsûtsûsen tide.	Ek sal myself nie weer so leed aandoen nie.

Par. 42. Die resiprokaal

Die resiprokale agtervoegsel "-gu" word aan werkwoorde gevoeg om 'n wedersydse handeling uit te druk en is vertaalbaar met die Afrikaanse woordjie "mekaar", bv.

!namgu	- mekaar liefhê	vgl. !nam	- liefhê
mûgu	- mekaar sien	vgl. mû	- sien
ôagu	- mekaar soek	vgl. ôa	- soek
#nangu	- mekaar slaan	vgl. #nau	- slaan
tawedegu	- mekaar groet	vgl. tawede	- groet

Khawa da ge nē !hūbaib ai mûgu tide.	Ons sal mekaar op hierdie wêreld nie weer sien nie.
!Nangu re, ti ôado!	Bemin mekaar, my kinders!
Khoegu ge !omga māgu tsî go tawedegu.	Die mans het mekaar die hand gegee en mekaar gegroet.
Arim goro ôagu, xawem hōgu tama hā.	Gister het ons mekaar gesoek, maar mekaar nie gevind nie.

Par. 43. Werkwoordagtervoegsels

Die funksie van 'n werkwoordagtervoegsel is om die werkwoord waaraan dit gevoeg word se betekenis uit te brei.

A. Die werkwoordagtervoegsels wat tot dusvêr behandel is, is die volgende:

1. Die applikatiewe agtervoegsel "-ba". Vergelyk par. 18. (Die applikatiewe agtervoegsel kan egter ook aan sommige byvoeglike naamwoorde gevoeg word).
2. Die diminutiewe agtervoegsel "-ro". Vergelyk par. 25. (Die diminutiewe agtervoegsel kan aan verskeie ander woordsoorte ook gevoeg word).
3. Die passiewe agtervoegsel "-he". Vergelyk par. 39.
4. Die refleksiewe agtervoegsel "-sen". Vergelyk par. 41.
5. Die resiprokale agtervoegsel "-gu". Vergelyk par. 42.

B. Enkele ander werkwoordagtervoegsels is:

1. Die reversiewe agtervoegsel "-xa":

Hierdie agtervoegsel kan slegs aan werkwoorde gevoeg word wat op 'n beweging dui wat weg van die spreker af geskied, soos:

*gâ - ingaan
 ||gôa - afgaan
 #oa - uitgaan

Deur aanvoeging van "-xa" aan hierdie werkwoorde word hulle betekenis sodanig gewysig, dat die handeling nou na die spreker toe geskied, bv.

*gâxa - binnekom
 ||gôaxa - afkom
 #oaxa - uitkom

*Gâ!	Gaan in! (in die huis in)	Die spreker is buite.
*Gâxa!	Kom binne!	Die spreker is binne.
*Oa!	Gaan uit! (uit die huis uit)	Die spreker is binne.
*Oaxa!	Kom uit!	Die spreker is buite.
Gôa!	Klim af! (uit die boom uit)	Die spreker is in die boom.
